

DIE EVANGELIE VOLGENS MARKUS

Inleiding

Hierdie Evangelie het na alle waarskynlikheid in die tydperk rondom 65 nC ontstaan, voordat Jerusalem in die jaar 70 nC verwoes is. Die verwagting van komende onheil wat veral in Markus 13 na vore tree, dui daarop dat die Joodse Oorlog van 66-70 nC nog nie sy hoogtepunt bereik het nie. In aansluiting by die vroeë kerklike tradisie en ook gegewens in die Evangelie self, soos taalgebruik (bv die Latynse leenwoorde), kan redelik seker aanvaar word dat hierdie Evangelie in Rome ontstaan het.

Volgens die vroeë kerklike tradisie was die skrywer Johannes Markus, en het hy Petrus se prediking in Rome opgeteken. Hy was nie een van die twaalf dissipels nie, maar hy het waarskynlik noue kontak met hulle gehad, omdat Jesus en sy dissipels by geleentheid in sy ma se huis vergader het (vgl ook Hand 12:12). Heel moontlik verwys hy na homself in Markus 14:51 as die jong man met 'n doek om sy lyf wat ná Jesus se gevangening nakend weggevlug het. Ons beskik ongelukkig nie oor genoegsame historiese inligting om hierdie aannames te bevestig nie.

Markus het sy Evangelie waarskynlik in Rome en vir Christene in Rome geskryf. Hulle was 'n bedreigde godsdienstige minderheid in die hoofstad van die Romeinse Ryk. Hy skryf sy Evangelie hoofsaaklik om sy eerste lesers aan te moedig om in moeilike omstandighede in hulle belydenis te volhard.

Die *Markusevangelie* is die oudste van die Evangelies. In aansluiting by die openingswoorde “die begin van die evangelie” (1:1) en die verdere vormgewing van hierdie Evangelie, het die evangelie as tekssoort waarskynlik sy benaming en beslag gekry. 'n Evangelie is 'n besondere vorm van vertelliteratuur. Dit bestaan uit 'n vertelling van die goeie boodskap oor die koms en optrede van Jesus Christus, die Seun van God. Markus verduidelik en vertolk die betekenis en implikasies van die lewe en werk van Jesus vir die geloofsgemeenskap aan wie hy skryf.

Met die doel om die vervolgte Christene in Rome te bemoedig, beklemtoon Markus die ontsettende lyding wat Jesus ter wille van mense moes deurmaak. Hy tipeer Jesus se optrede en lyding as 'n diens van Jesus. Die Seun van die Mens het immers gekom “om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie” (Mark 10:45).

Markus waarsku dat iemand wat Jesus as die Christus bely, ook lyding kan verwag en bereid moet wees om te dien. Hy beskryf hoe moeilik dit vir Petrus en die ander dissipels was om gewoon te raak aan die idee van lyding en diensbaarheid (Mark 8:31 — 10:45). Jesus roep sy volgelinge egter op om moedig en waaksaam te bly. Hoewel Hy diep verneder is, is Hy ook verheerlik en sal met groot krag en majesteit terugkom. Hy sal sy uitverkorenes versamel om in sy heerlikheid te deel. Daarom moet hulle nie moed verloor nie.

Markus plaas baie klem op die lyding en kruisiging van Jesus. Hy beskryf die lydensweg wat Jesus op pad na die kruis moes volg. Reeds vroeg in sy vertelling verwys Markus na Jesus se naderende dood (bv 2:19-20 en 3:6), en dit word die fokus van die reeks aankondigings oor Jesus se lyding (8:31; 9:31; 10:33-34). Petrus se belydenis by Caesarea-Filippi, “U is die Christus” (8:29), vorm 'n draaipunt in hierdie

vertelling. Voor hierdie belydenis word Jesus uitgebeeld as die magtige Seun van God, en daarna word aangetoon waarom Hy tog moes ly.

Die boek kan soos volg in twee hoofdele ingedeel word:

1:1 — 8:26: Op pad na Caesarea-Filippi: Jesus die Seun van God, magtig in woord en daad

1:1-15: Opskrif en voorbereiding vir Jesus se optrede

1:16 — 8:26: Jesus tree met groot gesag in Galilea op; Hy verrig wonders en onderrig sy dissipels en die skare, hoofsaaklik deur gelykenisse

8:27 — 16:8: Op pad na en in Jerusalem: Jesus as die lydende Messias; navolging en gehoorsaamheid; sy lyding, sterwe en opstanding in Jerusalem

8:27 — 10:52: Petrus bely Jesus as die Christus; Jesus kondig sy lyding drie maal aan en roep sy volgelinge op tot navolging, diens en gehoorsaamheid

11:1 — 13:37: In Jerusalem: Intog, reiniging van die •tempel, strydgesprekke en apokaliptiese rede

14:1 — 16:8: Jesus se lyding, sterwe en opstanding

1

Optrede van Johannes die Doper

(*Matt 3:1-12; Luk 3:1-9,15-17; Joh 1:19-28*)

¹ Die begin van die evangelie van Jesus Christus,^a die •Seun van God.^b

² Soos daar in die profeet Jesaja geskryf staan,

^a1:1 **Christus**: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’, en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^b1:1 **Jesus ... God**: Ander mss lui net “Jesus Christus”.

“Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit;
hy sal jou pad gereedmaak.^c

^{3 d}n Stem van iemand wat roep in die woestyn,^e

‘Maak die pad van die Here gereed,
maak sy paaie reguit!’ ” —

⁴ so het Johannes gekom. Hy het in die woestyn gedoop en 'n doop van bekering* met die oog op die vergewing van sondes verkondig. ⁵ Die hele landstreek van Judea en almal in Jerusalem het na hom gegaan, en hulle is deur hom in die Jordaanrivier gedoop, terwyl hulle hulle sondes bely het. ⁶ Johannes het 'n kleed van kameelhaar gedra, met 'n leergordel om sy heupe*, en hy het sprinkane en wilde heuning geëet. ⁷ *Hy het gepreek en gesê: “Ná my kom Hy wat sterker as ek is. Ek is nie eers werd om te buk en die riempies van sy sandale los te maak nie.^f ⁸ Ek het julle met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop.”

Doop van Jesus

(Matt 3:13-17; Luk 3:21-22)

⁹ In daardie dae het Jesus vanaf Nasaret in Galilea gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. ¹⁰ Net toe Hy uit die water

^c**1:2 Kyk ... gereedmaak:** Aanhaling uit Mal 3:1 as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Eks 23:20; Matt 11:10; Luk 1:76; 7:27; Joh 3:28.

^d**1:3** Aanhaling uit Jes 40:3 as heenwysing na Johannes die Doper as wegbereider; vgl Matt 3:3; Luk 3:4; Joh 1:23.

^e**1:3 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, waar kleinvee kon wei.

***1:4** *het Johannes ... bekering:* Hand 13:24; 19:4

***1:6** *leergordel ... heupe:* 2 Kon 1:8; Sag 13:4

***1:7** Hand 13:25

^f**1:7 riempies ... maak nie:** Die nederige of gasvrye handeling voor 'n gas se voete gewas is.

opkom, het Hy die hemel sien oopgaan en die Gees soos 'n duif op Hom sien neerdaal. ¹¹ En 'n stem het uit die hemel gekom: “Jy is my Seun, my geliefde. Oor Jou verheug Ek My!”⁸

Jesus word versoek

(Matt 4:1-11; Luk 4:1-13)

¹² Direk daarna het die Gees Hom die woestyn^h in gedryf. ¹³ Hy was vir veertig dae in die woestyn, waar Hy deur Satanⁱ versoek is. Hy was saam met wilde diere, en engele het Hom versorg.

Begin van Jesus se verkondiging

(Matt 4:12-17; Luk 4:14-15)

¹⁴ Nadat Johannes gevange geneem is,^{*} het Jesus na Galilea gegaan, waar Hy die evangelie van God verkondig het. ¹⁵ Hy het gesê: “Die bestemde tyd is vervul^{*} en die •koninkryk van God is op hande. Bekeer julle^{*} en glo die evangelie.”

Roeping van die eerste dissipels

(Matt 4:18-22; Luk 5:1-11)

¹⁶ Terwyl Hy langs die See van Galilea^j loop, het Hy Simon en Andreas, die broer van Simon, nette in die see sien uitgooi, want hulle was

⁸**1:11 Jy is ... Ek My:** Verwys na Gen 22:2; Ps 2:7; Jes 42:1 as heenwysings na Jesus Christus; vgl Matt 12:18; 17:5; Mark 9:7; Luk 9:35; 2 Pet 1:17.

^h**1:12 woestyn:** Vgl die voetnoot in 1:3.

ⁱ**1:13 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

^{*}**1:14 gevange ... is:** Mark 6:17-18; Joh 3:24

^{*}**1:15 Die bestemde ... vervul:** Gal 4:4; Ef 1:10

^{*}**1:15 die koninkryk ... Bekeer julle:** Matt 3:2

^j**1:16 See van Galilea:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

vissers. ¹⁷ Jesus sê toe vir hulle: “Volg My, en Ek sal julle vissers van mense laat word.” ¹⁸ Hulle het onmiddellik hulle nette gelos en Hom gevolg. ¹⁹ Hy het 'n entjie verder geloop en Jakobus, die seun van Sebedeus, en sy broer Johannes gesien,* waar hulle in die boot besig was om nette heel te maak. ²⁰ Hy het hulle dadelik geroep, en hulle het hulle pa Sebedeus met die huurarbeiders in die boot agtergelaat, en weggegaan agter Hom aan.

Genesing van 'n besetene

(Luk 4:31-37)

²¹ Hulle het in Kapernaum ingegaan, en op die Sabbat het Jesus^k dadelik die •sinagoge binnegegaan* en begin leer. ²² *Hulle was verwonderd oor sy lering, want Hy het hulle geleer soos iemand met gesag, en nie soos die skrifkenners nie. ²³ Juis toe was daar in hulle sinagoge 'n man in die mag van 'n onrein gees,* en hy het hard geskreeu: ²⁴ “Los ons uit, Jesus van Nasaret!* Het U gekom om ons te vernietig? Ek weet wie U is. U is die •Heilige van God!”* ²⁵ Jesus het hom skerp aangespreek: “Bly stil en gaan uit hom uit!” ²⁶ *Die onrein gees het die man stuiptrekkings laat kry, kliphard geskreeu en uit hom uit gegaan. ²⁷ Almal was verbaas, en het daarom onder mekaar geredeneer: “Wat is dit dié — 'n nuwe gesaghebbende lering? Hy beveel

* **1:19** *Jakobus ... gesien:* Matt 10:2; Mark 3:17; 10:35; Luk 5:10

^k**1:21** *Jesus:* Letterlik ‘Hy’.

* **1:21** *op die Sabbat ... binnegegaan:* Mark 6:2; Luk 4:16; 6:6; 13:10

* **1:22** Matt 7:28-29

* **1:23** *'n man ... gees:* Mark 5:2

* **1:24** *Los ... Nasaret:* Matt 8:29; Mark 5:7; Luk 4:34; 8:28

* **1:24** *die Heilige ... God:* Joh 6:69

* **1:26** Mark 9:26

selfs die onrein geeste en hulle gehoorsaam Hom!”²⁸ *Die nuus oor Hom het dadelik oral in die hele omgewing van Galilea versprei.

Genesings in Simon se huis

(Matt 8:14-17; Luk 4:38-41)

²⁹ Nadat hulle uit die •sinagoge gekom het, het hulle dadelik saam met Jakobus en Johannes na die huis van Simon en Andreas gegaan.

³⁰ Simon se skoonma het siek gelê met koors, en hulle het Hom dadelik van haar vertel. ³¹ Hy het na haar gegaan, haar hand gevat en haar opgehelp.* Die koors het haar verlaat en sy het hulle bedien.

³² Toe dit aand word en die son reeds onder was, het hulle almal wat siek en deur demone besete was, na Hom gebring.* ³³ Die hele dorp¹ het by die deur saamgedrom. ³⁴ Hy het baie siekes met allerlei kwale gesond gemaak en baie demone uitgedryf. Hy het die demone nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle Hom geken het.*

Jesus se prediking in Galilea

(Luk 4:42-44)

³⁵ *Vroegoggend, toe dit nog stikdonker was, het Hy opgestaan, buitentoe gegaan en na 'n verlate plek vertrek. Daar het Hy gebid.

³⁶ Simon en dié saam met hom het agter Hom aan gegaan. ³⁷ Toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom: “Almal soek U.” ³⁸ Maar Hy sê vir hulle: “Laat ons êrens anders heen gaan, na die naburige dorpies toe, sodat Ek

* **1:28** Matt 4:24

* **1:31** *haar hand ... opgehelp*: Matt 9:25; Mark 5:41; 9:27; Luk 8:54

* **1:32** *het hulle ... gebring*: Matt 4:24

¹**1:33** **dorp**: Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

* **1:34** *Hy het die ... geken het*: Mark 3:12

* **1:35** Matt 14:23; Mark 6:46; Luk 5:16; 6:12

daar ook kan preek, want daarvoor het Ek gekom.”

³⁹ *En Hy het deur die hele Galilea gegaan, in hulle •sinagoges gepreek en demone uitgedryf.

Genesing van 'n melaatse

(Matt 8:1-4; Luk 5:12-16)

⁴⁰ 'n Melaatse^m kom toe na Jesus, en terwyl hy neerkniel, smeeek hy Hom en sê: “As U wil, kan U my rein maak.” ⁴¹ Jesus het hom innig jammer gekry, sy hand uitgesteek, hom aangeraak en vir hom gesê: “Ek wil, word rein!” ⁴² Die melaatsheid het hom onmiddellik verlaat en hy het rein geword. ⁴³ Jesus het hom ernstig gewaarsku, hom dadelik weggestuur ⁴⁴ en vir hom gesê: “Sorg dat jy vir niemand iets vertel nie, * maar gaan wys jousef vir die priester, en bring die offer vir jou reiniging wat Moses voorgeskryf het* as bewys vir hulle.” ⁴⁵ Maar hy het weggegaan en begin om dit wyd en syd te vertel en die nuus te versprei. Die gevolg was dat Jesus nie openlik in 'n dorpⁿ kon ingaan nie, maar buite in verlate plekke gebly het. Steeds het mense van oral af na Hom toe bly kom.

2

Genesing van 'n verlamde

(Matt 9:1-8; Luk 5:17-26)

¹ Toe Hy ná 'n paar dae weer in Kapernaum kom, het dit bekend

* **1:39** Matt 4:23; 9:35

^m**1:40 Melaatse:** Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

* **1:43-44** *Jesus het ... vertel nie:* Matt 9:30

* **1:44** *gaan wys ... voorgeskryf het:* Lev 14:2-32

ⁿ**1:45 dorp:** Vgl die voetnoot in 1:33.

geword dat Hy by die huis was. ² Baie mense het daar saamgedrom, met die gevolg dat daar nie meer plek was nie, selfs nie voor die deur nie. Hy was besig om die woord aan hulle te verkondig. ³ Toe kom daar mense wat 'n verlamde, gedra deur vier van hulle, na Hom bring. ⁴ Omdat hulle hom vanweë die skare nie tot by Jesus kon bring nie, het hulle 'n deel van die dak^o bokant waar Hy was, opgelig, en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die slaapmat^p waarop die verlamde gelê het, laat afsak. ⁵ Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde man: “Kind, jou sondes word vergewe.*”

⁶ Maar sommige van die skrifkenners het daar gesit en in hulle harte geredeneer: ⁷ “Wie is hy dat hy so praat? Hy laster! Wie is in staat om sondes te vergewe behalwe net Een, en dit is God?*” ⁸ Jesus het onmiddellik in sy gees geweet dat hulle so by hulleself redeneer en het vir hulle gesê: “Waarom het julle bedenkinge in julle harte hieroor?*” ⁹ Wat is makliker, om vir die verlamde te sê, ‘Jou sondes word vergewe,’ of om te sê, ‘Staan op, tel jou slaapmat op en loop’? ¹⁰ Maar sodat julle kan weet dat die •Seun van die Mens volmag het om op aarde sondes te vergewe ...” — sê Hy toe vir die verlamde: ¹¹ “Ek sê vir jou, staan op, tel jou slaapmat op en gaan na jou huis.” ¹² Hy het toe opgestaan, sy slaapmat dadelik opgetel en voor almal uit geloop, sodat almal verbaas was en God geprys en gesê het: “So iets het ons nog nooit gesien nie!”*

^o**2:4 dak:** Eenvoudige huise het gewoonlik 'n plat dak gehad wat van klei en plantmateriaal gemaak was.

^p**2:4 slaapmat:** Verwys na 'n ligte matras met strooi gevul, slaapmat of draagbaar.

***2:5** *jou sondes ... vergewe:* Luk 7:48

***2:7** *Wie is in ... God:* Ps 103:3; Jes 43:25; 1 Joh 1:9

***2:8** *Waarom ... hieroor:* Matt 16:8

***2:12** *So iets ... gesien nie:* Matt 9:33

Roeping van Levi

(Matt 9:9-13; Luk 5:27-32)

¹³ Jesus het weer weggegaan na die see toe. Die hele skare het na Hom gekom en Hy het hulle geleer. ¹⁴ In die verbygaan sien Hy Levi, die seun van Alfeus, by die tolhuis sit en sê vir hom: “Volg My!”* En hy het opgestaan en Hom gevolg.* ¹⁵ Terwyl Jesus in Levi se^q huis aangeleun het vir ete,^r het baie •tollenaars en sondaars saam met Hom en sy dissipels aangeleun, want daar was baie mense wat Hom gevolg het. ¹⁶ *Toe die skrifkenners onder die •Fariseërs sien dat Hy saam met die sondaars en tollenaars eet, het hulle vir sy dissipels gevra: “Waarom eet hy saam met die tollenaars en sondaars?” ¹⁷ Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: “Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes. Ek het nie gekom om •regverdiges te roep nie, maar sondaars.”^s

Vastyd en feestyd

(Matt 9:14-17; Luk 5:33-39)

¹⁸ Johannes se dissipels en die •Fariseërs was besig om te vas. Hulle kom sê toe vir Hom: “Waarom vas die dissipels van Johannes en die dissipels van die Fariseërs, maar u dissipels vas nie?” ¹⁹ En Jesus antwoord hulle: “Die bruilofsgaste kan tog nie vas terwyl die bruidegom by hulle is nie? Solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie

***2:14** *Volg My*: Matt 8:22; 19:21; Mark 10:21; Luk 9:59; 18:22; Joh 1:43; 21:19,22

***2:14** *hy het ... gevolg*: Matt 4:20,22

^q**2:15** *Levi se*: Letterlik ‘sy’.

^r**2:15** *aangeleun ... ete*: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

***2:16** Matt 11:19; Luk 7:34; 15:1-2

^s**2:17** *sondaars*: Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna “tot bekering”. Dit word aanvaar dat dit hier en in die ooreenstemmende teks Matt 9:13 nie deel van die •bronteks is nie, maar wel in die ooreenstemmende teks Luk 5:32.

vas nie. ²⁰ Daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word. Dan sal hulle vas, op daardie dag. ²¹ Niemand werk 'n ongekrimpte^t stuk lap op 'n ou kledingstuk vas nie. Anders skeur die nuwe stuk van die oue af en die skeur word net groter. ²² En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke^u nie, anders sal die wyn die leersakke laat oopbars, en sowel die wyn as die leersakke sal tot niet gaan. Nee, nuwe wyn in nuwe leersakke!”

Jesus Here oor die Sabbat

(Matt 12:1-8; Luk 6:1-5)

²³ Terwyl Hy op die Sabbat deur die gesaaides loop, het sy dissipels in die verbygaan begin om are te pluk. ^{*} ²⁴ Die •Fariseërs sê toe vir Hom: “Kyk, waarom doen hulle op die Sabbat iets wat nie toelaatbaar is nie?” ²⁵ Hy vra toe vir hulle: “Het julle nooit gelees wat Dawid en dié saam met hom gedoen het toe hulle in nood was en honger geword het nie? ²⁶ Hoe hy in die tyd toe Abjater hoëpriester was, ^{*} die huis van God binnegegaan en die vertoonbrode^v geëet het — waarvan niemand behalwe die priesters mag eet nie — en ook vir dié wat saam met hom was, daarvan gegee het? ^{*}” ²⁷ Hy het ook vir hulle gesê: “Die Sabbat is gemaak vir die mens ^{*} en nie die mens vir die Sabbat nie; ²⁸ daarom is die •Seun van die Mens Here ook van die Sabbat.”

^t2:21 *ongekrimpte*: Die Griekse woord kan ook vertaal word “nuwe”.

^u2:22 *leersakke*: Gewoonlik van 'n volle skaap- of bokvel gemaak en kon gevul word met water of wyn.

^{*}2:23 *het sy dissipels ... pluk*: Deut 23:25

^{*}2:26 *in die tyd ... hoëpriester was*: 2 Sam 15:35

^v2:26 *vertoonbrode*: Brode wat in die heilige deel van die •tempel geplaas is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet; vgl Lev 24:5-8.

^{*}2:25-26 *wat Dawid ... gegee het*: 1 Sam 21:1-6

^{*}2:27 *Die Sabbat ... mens*: Eks 20:8-10; Deut 5:12-14

3

Genesing op die Sabbat

(Matt 12:9-14; Luk 6:6-11)

¹ Jesus het weer die •sinagoge binnegegaan. Daar was 'n man met 'n verdorde hand. ² Hulle het Hom dopgehou om te sien of Hy hom op die Sabbat sou gesond maak, sodat hulle Hom kon aankla. ³ Hy sê toe vir die man met die verdorde hand: “Kom staan hier tussen hulle!” ⁴ *En Hy sê vir hulle: “Is dit toelaatbaar om op die Sabbat goed te doen of sleg te doen, om 'n lewe te red of om dood te maak?” Hulle het egter stilgebly. ⁵ Nadat Hy woedend in die rondte na hulle gekyk het, diep bedroef oor die hardheid van hulle harte,* sê Hy vir die man: “Steek uit jou hand!” Die man het sy hand uitgesteek, en dit het gesond geword. ⁶ Die •Fariseërs het toe uitgegaan en dadelik saam met die Herodiane^{w*} planne teen Hom beraam, sodat hulle Hom om die lewe kon bring.

'n Menigte om Jesus

⁷ Jesus het saam met sy dissipels na die see teruggegaan, en 'n groot menigte uit Galilea het Hom gevolg. Ook uit Judea, ⁸ Jerusalem, Idumea, van oorkant die Jordaan,* en uit die omgewing van Tirus en Sidon, het 'n groot menigte na Hom gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen. ⁹ *Hy het toe vir sy dissipels opdrag gegee om vir Hom 'n skuit

* **3:4** Luk 14:3

* **3:5** *die hardheid ... harte:* Mark 6:52; 8:17; Joh 12:40; Rom 11:25; Ef 4:18

^w**3:6** **Herodiane:** Ondersteuners van die huis van •Herodes die Grote, 'n politieke party, nie 'n godsdienstige nie. Hulle het met die •Fariseërs 'n bondgenootskap aangegaan teen Jesus.

* **3:6** *Die Fariseërs ... Herodiane:* Matt 22:15-16; Mark 12:13

* **3:7-8** *'n groot menigte uit ... Jordaan:* Matt 4:25

* **3:9** Mark 4:1; Luk 5:3

gereed te hou om te voorkom dat die skare Hom vertrap. ¹⁰ *Hy het immers baie mense gesond gemaak, sodat almal wat aan kwale gely het, om Hom saangedrom het om aan Hom te raak. ¹¹ *En die onrein geeste het elke keer wanneer hulle Hom sien, voor Hom neergeval en hard geskree: “U is die •Seun van God!” ¹² Hy het hulle uitdruklik opdrag gegee om Hom nie bekend te laat word nie.

Aanwysing van die twaalf

(Matt 10:1-4; Luk 6:12-16)

¹³ Hy het toe teen die berg uitgeklim. Hy het hulle op wie sy keuse geval het nader geroep, en hulle het na Hom gekom. ¹⁴ Hy het toe twaalf aangestel, wat Hy ook •apostels genoem het, sodat hulle saam met Hom kon wees, en Hy hulle kon uitstuur om te preek, ¹⁵ en hulle volmag kon hê om demone uit te dryf. ¹⁶ *Hy het hierdie twaalf aangestel: Simon aan wie Hy die naam •Petrus gegee het, ¹⁷ Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, * die broer van Jakobus — aan hulle het Hy die naam Boanerges, dit is, ‘seuns van die donder’, gegee. ¹⁸ Ook Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Thomas, Jakobus die seun van Alfeus, Taddeus, Simon Kananeus,^x ¹⁹ en Judas Iskariot, wat Hom verraai het.*

Jesus en Beëlsebul

(Matt 12:22-32; Luk 11:14-23; 12:10)

²⁰ Hy het 'n huis binnegegaan, maar die skare het weer so om Hom

***3:10** Matt 14:36; Mark 6:56

***3:11-12** Mark 1:34; Luk 4:41

***3:16** Matt 16:17-18; Joh 1:42

***3:17** *Jakobus ... Johannes:* Luk 9:54

^x**3:18** *Kananeus:* Die Griekse woord kan ook vertaal word “•seloot” of “•yweraar”.

***3:19** *Judas ... verraai het:* Matt 26:25; 27:3; Joh 18:2,5

saamgedrom dat hulle selfs nie eers brood kon eet nie.* ²¹ Toe sy eie mense hiervan hoor, het hulle gegaan om Hom met geweld weg te neem, want hulle^y het gesê dat Hy van sy sinne beroof was.* ²² Ook die skrifkenners wat afgekom het van Jerusalem, het gesê dat Hy Beëlsebul^z in Hom het en dat Hy deur die demone se aanvoerder die demone uitdryf.* ²³ Hy het hulle toe nader geroep en deur gelykenisse vir hulle gesê: “Hoe kan Satan^a vir Satan uitdryf? ²⁴ As 'n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie staande bly nie, ²⁵ en as 'n huis teen homself verdeeld is, sal daardie huis nie staande kan bly nie. ²⁶ En as Satan^b teen homself in opstand kom en verdeeld is, kan hy nie staande bly nie, maar is dit sy einde. ²⁷ Bowendien, niemand kan in die huis van 'n sterk man ingaan om sy besittings te steel nie, tensy hy eers die sterk man vasbind. Eers dan sal hy sy huis beroof. ²⁸ •Amen, Ek sê vir julle: Alle sondes en lasteringe wat mense ook al uitgespreek het, sal hulle vergewe word, ²⁹ maar wie teen die Heilige Gees laster, kry tot in ewigheid geen vergewing nie, maar bly skuldig aan 'n ewige sonde.*” ³⁰ Want hulle het gesê: “Hy het 'n onrein gees.”*

***3:20** *die skare ... eet nie:* Mark 6:31

^y**3:21** *hulle:* Kan ook vertaal word “die mense”.

***3:21** *want hulle ... beroof was:* Joh 10:20

^z**3:22** *Beëlsebul:* •Satan, die aanvoerder van die demone (Matt 12:24). Sy naam en die naam van die Filistynse afgod Baäl-Sebub (2 Kon 2:2-4) is amper dieselfde.

***3:22** *deur die ... uitdryf:* Matt 9:34

^a**3:23** *Satan:* Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

^b**3:26** *Satan:* Satan verwys hier na die koninkryk van Satan.

***3:29** *kry tot ... sonde:* 1 Joh 5:16

***3:30** *hulle het ... gees:* Joh 7:20; 8:48,52; 10:20

Jesus se moeder en broers

(Matt 12:46-50; Luk 8:19-21)

³¹ Sy moeder en sy broers* het daar aangekom, en terwyl hulle buite bly staan, het hulle iemand na Hom gestuur om Hom te roep. ³² 'n Skare het rondom Hom gesit, en hulle sê toe vir Hom: “Kyk, u moeder en u broers en u susters^c is daar buite en soek U.” ³³ Maar Hy antwoord hulle en vra: “Wie is my moeder en my broers?” ³⁴ Hy het na die mense gekyk wat rondom Hom sit, en gesê: “Kyk, hier is my moeder en my broers. ³⁵ Want elkeen wat die wil van God doen,* is my broer en my suster en my moeder.”

4

Gelykenis van die saad

(Matt 13:1-9; Luk 8:4-8)

¹ *Hy het weer begin om hulle langs die see te onderrig. Daar het toe so 'n baie groot skare om Hom saamgedrom dat Hy op die see in 'n boot gaan sit het, en die hele skare was op die strand langs die see. ² Hy het hulle dikwels deur gelykenisse geleer* en deur sy lering vir hulle gesê: ³ “Luister, julle! Kyk, 'n saaiër het uitgegaan om te saai. ⁴ Tydens die saaiery het 'n deel van die saad langs die pad geval, en voëls het gekom en dit opgepik. ⁵ 'n Ander deel het op 'n rotsagtige plek geval waar daar nie baie grond was nie, en dit het dadelik opgekom, omdat die grond nie diep was nie. ⁶ Maar toe die son opkom, is dit verskroei. Omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog. ⁷ 'n Ander deel het tussen

***3:31** *Sy moeder ... broers*: Mark 6:3; Joh 2:12; Hand 1:14

^c**3:32** *u broers*: Sommige mss lui “u broers en u susters”.

***3:35** *Want ... doen*: Joh 7:17; 9:31

***4:1** Mark 3:7-9; Luk 5:1-3

***4:2** *Hy het ... geleer*: Matt 13:34; Mark 4:33-34

die dorings geval. Die dorings het opgekom en dit verstik, en dit het nie vrug voortgebring nie. ⁸ En nog ander saad het op goeie grond geval, en dit het opgekom, gegroei en opbrengs gelewer, een dertig-, 'n ander sestig- en nog 'n ander honderdvoudig.” ⁹ Toe het Hy gesê: “Laat dié wat ore het om te hoor, luister!”*

Doel van gelykenisse

(Matt 13:10-17; Luk 8:9-10)

¹⁰ Toe Hy alleen was, het die omstanders saam met die twaalf Hom uitgevra oor die gelykenisse.* ¹¹ En Hy het vir hulle gesê: “Aan julle is die geheimenis van die •koninkryk van God bekend gemaak, maar vir hulle daar buite word alles in gelykenisse gegee,

¹² “sodat ‘hulle met oop oë kyk en tog nie sien nie, en met oop ore hoor en tog nie verstaan nie, en hulle hulle nie bekeer en vergewe word nie.”*

Verduideliking van die gelykenis van die saad

(Matt 13:18-23; Luk 8:11-15)

¹³ En Hy sê vir hulle: “Begryp julle nie hierdie gelykenis nie? Hoe sal julle dan al die gelykenisse verstaan? ¹⁴ Die saaiër saai die woord. ¹⁵ Die saad langs die pad is die mense by wie die woord gesaai word — sodra hulle dit hoor, kom Satan^d dadelik en neem die woord weg wat in hulle gesaai is. ¹⁶ En die saad wat op die rotsagtige plekke gesaai is, is die

* **4:9** *Wie ore ... luister:* Matt 11:15; 13:43; Mark 4:23; Luk 14:35; Op 2:7,11,17,29; 3:6,13,22

* **4:10** *het die ... gelykenisse:* Matt 15:15; Mark 7:17

* **4:12** *hulle met ... word nie:* Jes 6:9-10; Joh 12:40; Hand 28:26-27

^d**4:15** *Satan:* Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

mense wat die woord dadelik met blydschap aanneem wanneer hulle dit hoor; ¹⁷ maar hulle het nie wortel geskiet nie en hou net 'n rukkjie. As verdrukking of vervolging vanweë die woord plaasvind, struikel hulle dadelik.* ¹⁸ En ander weer is die saad wat tussen die dorings gesaai is. Hulle is diegene wat die woord hoor, ¹⁹ maar die bekommernisse van hierdie wêreld, die verleiding van rykdom* en die begeertes na allerlei dinge dring in en verstik die woord, en dit bly sonder vrug. ²⁰ Maar die saad wat op die goeie grond gesaai is, is daardie mense wat die woord hoor, dit aanneem en vrug dra, een dertig-, 'n ander sestig- en nog 'n ander honderdvoudig.”

Gelykenis van die lamp

(Luk 8:16-18)

²¹ En Hy het vir hulle gesê: “'n Lamp word tog nie gebring om onder 'n maatemmer^e of 'n bed gesit te word nie? Is dit nie bedoel om op 'n lampstaander geplaas te word nie?* ²² *Want niks is verborge wat nie blootgelê sal word nie, en daar is niks weggesteek wat nie aan die lig sal kom nie. ²³ *Laat dié wat ore het om te hoor, luister!” ²⁴ Hy het ook vir hulle gesê: “Gee ag op wat julle hoor! Met die maat waarmee julle meet, sal vir julle afgemeet word* en daar sal vir julle nog bygevoeg

* **4:17** *As verdrukking ... dadelik:* Matt 26:31; Mark 14:27

* **4:19** *verleiding van rykdom:* Matt 19:23-24; Mark 10:23-24; Luk 12:15-21; 18:24-25

^e**4:21** *maatemmer:* 'n Romeinse droë inhoudsmaat vir graan, ongeveer 8,7 liter; •Inhoudsmate.

* **4:21** *'n Lamp ... word nie:* Matt 5:15; Luk 11:33

* **4:22** Matt 10:26; Luk 12:2

* **4:23** Matt 11:15; 13:43; Mark 4:9; Luk 14:35; Op 2:7,11,17,29; 3:6,13,22

* **4:24** *Met die ... gemeet word:* Matt 7:2; Luk 6:38

word. ²⁵ *Want wie het, aan hom sal gegee word. En wie nie het nie, van hom sal ook dit wat hy het, weggeneem word.”

Gelykenis van saad wat vanself groei

²⁶ En Hy het gesê: “Die •koninkryk van God is soos 'n man wat saad op die land uitstrooi, ²⁷ * en nag ná nag gaan slaap, en dag ná dag opstaan, en die saad ontkiem en groei — hoe, weet hy self nie. ²⁸ Die land bring die graan vanself voort: eers 'n halm, dan 'n aar en dan die koring vol in die aar. ²⁹ Wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is. *”

Gelykenis van die mosterdsaadjie

(Matt 13:31-32; Luk 13:18-19)

³⁰ En Hy het gesê: “Hoe sou mens die •koninkryk van God uitbeeld, of deur watter gelykenis sou mens dit voorstel? ³¹ Dit is soos die mosterdsaadjie* wat, wanneer dit in die grond gesaai word, kleiner is as al die soorte saad op die land. ³² Maar wanneer dit gesaai is, kom dit op en word dit die grootste van al die tuinplante, en maak sulke groot takke dat die voëls van die hemel in sy skaduwee kan nesmaak. *”

Gebruik van gelykenisse

(Matt 13:34-35)

³³ Deur baie sulke gelykenisse het Hy die boodskap op so 'n manier aan hulle vertel dat hulle dit kon verstaan. ³⁴ Sonder 'n gelykenis het Hy nie met hulle gepraat nie, maar wanneer hulle op hulle eie was, het Hy alles vir sy eie dissipels uitgelê.

* **4:25** Matt 13:12; 25:29; Luk 19:26

* **4:27** Jak 5:7

* **4:29** steek ... daar is: Joël 3:13; Op 14:15

* **4:31** soos die mosterdsaadjie: Matt 17:20; Luk 17:6

* **4:32** voëls ... nesmaak: Ps 104:12; 103:12 •Septuagint; Eseg 17:23; 31:6; Dan 4:12,21

Stilmaak van die storm

(Matt 8:23-27; Luk 8:22-25)

³⁵ Op daardie dag, toe dit aand geword het, sê Hy vir hulle: “Kom ons gaan na die oorkant!” ³⁶ Hulle het toe die skare agtergelaat en Hom saamgeneem, aangesien Hy reeds in die boot was. Daar was ook ander bote by Hom. ³⁷ 'n Hewige stormwind het opgekom, en die golwe het in die boot geslaan, sodat die boot reeds vol water begin word het. ³⁸ Hy self was egter agter in die boot op die kussing aan die slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: “Meester,^f gee U nie om dat ons vergaan nie?” ³⁹ Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see:^g “Wees stil, bedaar!” Die wind het gaan lê, en daar het 'n groot kalmte gekom. ⁴⁰ Hy vra hulle toe: “Waarom is julle bang? Het julle nog steeds nie geloof nie?” ⁴¹ Hulle is met diep ontsag vervul en het vir mekaar gesê: “Wie is Hy tog dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”

5

Bevryding van 'n besetene

(Matt 8:28-34; Luk 8:26-39)

¹ Hulle het aan die oorkant van die see^h aangekom, in die gebied van die Geraseners.ⁱ ² Net toe Hy uit die boot klim, het 'n man met 'n onrein gees^{*}

^f**4:38 Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

^g**4:39 see:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

^h**5:1 see:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

ⁱ**5:1 Geraseners:** Ander mss lui “•Gadareners” of “Gergeseners”. Die Geraseners was inwoners van Gerasa, 'n dorp ongeveer 50 km suidoos van die •See van Galilea; vgl Matt 8:28.

^{*}**5:2 'n man ... gees:** Mark 1:23

Hom skielik uit die rotsgrafte tegemoet gekom. ³ Hierdie man se blyplek was tussen die rotsgrafte. Niemand kon hom meer vasbind nie, selfs nie met 'n ketting nie. ⁴ Hy was trouens al dikwels met voetboeie en kettings vasgebind, maar hy het die kettings losgeruk en die voetboeie stukkend gebreek. Niemand kon hom beheer nie. ⁵ Dag en nag^j het hy onophoudelik tussen die rotsgrafte en op die berge homself al skreeuende met klippe geslaan.

⁶ Toe hy Jesus van ver af sien, het hy gehardloop en voor Hom neergeval. ⁷ Hy skreeu toe met 'n harde stem: “Los my uit, Jesus, •Seun van die allerhoogste God!* Ek besweer U by God,* moet my nie pynig nie!” ⁸ Want Hy het vir hom gesê: “Onrein gees, gaan uit die man uit!”

⁹ Hy vra hom toe: “Wat is jou naam?” Hy antwoord Hom: “My naam is Legioen,^k want ons is baie!” ¹⁰ Hy het Jesus ernstig gesmeek om hulle nie uit die gebied uit weg te stuur nie.

¹¹ Daar het 'n groot trop varke teen die berghang gewei. ¹² Hulle het Hom gesmeek en gesê: “Stuur ons na die varke, dat ons in hulle kan inwaar.” ¹³ Hy het hulle toegelaat. En die onrein geeste het uitgegaan en in die varke ingevaar. Die trop van ongeveer tweeduisend het toe op loop gesit teen die helling af die see in, en in die see versuip.

¹⁴ Hulle wagters het op die vlug geslaan en dit in die dorp^l en op die platteland gaan vertel. En die mense het gaan kyk wat gebeur het.

¹⁵ Hulle kom toe by Jesus en sien die besetene daar sit, die een wat die legioen in hom gehad het, met klere aan en by sy volle verstand; en

^j**5:5** *Dag en nag*: •Nag en dag.

^{*}**5:7** *Los ... God*: 1 Kon 17:18; Mark 1:24; Luk 4:34; *Seun ... God*: Luk 1:32; 6:35

^{*}**5:7** *Ek ... God*: Matt 26:63

^k**5:9** *Legioen*: 'n Romeinse militêre eenheid van 6 000 voetsoldate en 'n berede mag. Die woord dui hier 'n groot getal aan; •Militêre terme.

^l**5:14** *dorp*: Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

hulle het bang geword. ¹⁶ Diegene wat dit gesien het, het vir hulle vertel wat met die besetene en ook met die varke gebeur het. ¹⁷ Hulle het Hom toe begin smeek om uit hulle gebied weg te gaan.

¹⁸ Toe Hy in die boot klim, het die een wat deur demone besete was, Hom gesmeek om by Hom te bly. ¹⁹ Hy het hom nie toegelaat nie, maar vir hom gesê: “Gaan na jou huis,* na jou mense, en vertel hulle alles wat die Here vir jou gedoen het en dat Hy medelye aan jou betoon het.”

²⁰ Die man het weggegaan en begin om alles wat Jesus vir hom gedoen het, in Dekapolis^m bekend te maak, en almal was verbaas daaroor.

Genesing van 'n vrou en opwekking van 'n dogter

(Matt 9:18-26; Luk 8:40-56)

²¹ Nadat Jesus weer met die boot na die oorkant gevaar het, het 'n groot skare om Hom saamgedrom waar Hy langs die see was. ²² Een van die leiers van die •sinagoge, met die naam Jairo, kom toe daar aan. En toe hy Hom sien, val hy voor sy voete neer ²³ en smeek Hom ernstig: “My dogtertjie lê op sterwe. Kom lê u hande op haar, sodat sy gesond kan word* en leef.” ²⁴ Jesus het saam met hom vertrek.

'n Groot skare het Hom gevolg en teen Hom gedruk. ²⁵ Daar was 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiingⁿ gely het. ²⁶ Sy het erg gely onder baie dokters, en sy het al haar besittings daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; dit het eerder slegter met haar gegaan. ²⁷ En toe sy van Jesus hoor, het sy in die skare van agter af

***5:19** *Gaan ... huis:* Matt 9:6; Mark 8:26; Luk 5:24; 8:39

^m**5:20** *Dekapolis:* 'n Gebied oos van die Jordaan. Die naam Dekapolis beteken ‘tien dorpe’.

***5:23** *Kom ... kan word:* Matt 8:3; Mark 6:5; 7:32; 8:23,25; Luk 4:40; 13:13; Hand 9:12,17; 28:8

ⁿ**5:25** *bloedvloeiing:* Menstruele bloeding.

gekom en aan sy bokleed geraak,* ²⁸ want sy het gesê: “As ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word.” ²⁹ Die oorsaak van haar bloeding het toe dadelik opgehou, en sy het aan haar liggaam gevoel dat sy van haar kwaal genees is. ³⁰ Jesus het onmiddellik agtergekom dat krag uit Hom* uitgegaan het. Hy het in die skare omgedraai en gevra: “Wie het aan my klere geraak?” ³¹ Maar sy dissipels het vir Hom gesê: “U sien dat die skare van alle kante af teen U druk, en tog vra U, ‘Wie het aan My geraak?’ ” ³² Hy het rondom Hom gekyk om die een te sien wat dit gedoen het. ³³ Toe die vrou besef wat met haar gebeur het, het sy bewend van vrees voor Hom kom neerval en Hom die volle waarheid vertel. ³⁴ Hy sê toe vir haar: “Dogter, jou geloof het jou gered.* Gaan in vrede* en wees genees van jou kwaal.”

³⁵ Terwyl Hy nog praat, kom daar mense van die leier van die sinagoge se huis^o af en sê: “U dogter het gesterf. Waarom val u die leermeester nog lastig?” ³⁶ Jesus het egter tersyde gehoor toe die berig oorgedra word, en sê toe vir die leier van die sinagoge: “Moenie ontsteld wees nie — glo net!” ³⁷ En Hy het niemand toegelaat om met Hom saam te gaan nie, behalwe •Petrus, Jakobus en Johannes, die broer van Jakobus.* ³⁸ Toe hulle by die leier van die sinagoge se huis kom, sien Hy 'n gedoente, en mense wat huil en erg weeklaag. ³⁹ Hy gaan toe in en vra vir hulle: “Waarom gaan julle so tekere en huil julle? Die kindjie het

***5:27** aan sy ... geraak: Matt 14:36; Mark 6:56

***5:30** Jesus ... uit Hom: Luk 6:19

***5:34** jou geloof ... gered: Mark 10:52; Luk 7:50; 17:19

***5:34** Gaan in vrede: 1 Sam 1:17; 20:42; 2 Sam 15:9; 2 Kon 5:19; Luk 7:50; Hand 16:36; Jak 2:16

^o**5:35** se huis: Dit ontbreek in die •bronteks maar word veronderstel.

***5:37** Petrus ... van Jakobus: Matt 10:2; 17:1; Mark 1:29; 3:16-17; 9:2; 13:3; 14:33; Luk 6:14; 9:28; Hand 1:13

nie gesterf nie, maar slaap net.*”⁴⁰ Hulle het Hom egter uitgelag. Maar nadat Hy almal uitgejaag het, het Hy die pa van die kindjie, haar ma en dié wat by Hom was, saamgeneem en ingegaan na waar die kindjie was.⁴¹ Hy neem toe die kindjie se hand en sê vir haar, “*Talita koem!*”,^p wat, as dit vertaal word, beteken ‘Dogtertjie, Ek sê vir jou: Staan op!’^{*}
⁴² Dadelik het die dogtertjie opgestaan en begin loop. Sy was twaalf jaar oud. Hulle was stom van verbasing.⁴³ Hy het hulle streng opdrag gegee dat niemand dit moes weet nie,^{*} en gesê dat hulle vir haar iets te ete moes gee.

6

Jesus se verwerping in Nasaret

(*Matt 13:53-58; Luk 4:16-30*)

¹ En Hy het van daar af vertrek en na sy tuisdorp gegaan. Sy dissipels het Hom gevolg.² Toe die Sabbat aanbreek, het Hy die mense in die •sinagoge begin leer, en baie van hulle wat Hom gehoor het, was verwonderd. Hulle het gesê: “Waar kom hy aan hierdie dinge, en watter wysheid is aan hom gegee*, dat sulke kragtige dae deur sy hande plaasvind?”³ Is hy dan nie die skrynwerker, die seun van Maria* en die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie?* Woon sy susters dan nie hier onder ons nie?” Hulle het aan Hom aanstoot geneem.

⁴ Jesus het toe vir hulle gesê: “'n Profeet is nie sonder eer nie, behalwe

*5:39 *Die kindjie ... net:* Joh 11:1

^p5:41 *Talita koem:* Dit is Aramees wat Jesus hier gebruik.

*5:41 *Ek ... op:* Luk 7:14

*5:43 *Hy het ... weet nie:* Mark 1:44; 7:36

*6:2 *watter ... hom gegee:* Joh 7:15

*6:3 *Is hy ... Maria:* Joh 6:42

*6:3 *die seun ... Simon nie:* Mark 3:31

in sy tuisdorp*, en binne sy familiekring en in sy huis.”⁵ En Hy kon nie 'n enkele kragtige daad daar verrig nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes gesond gemaak het deur hulle die hande op te lê.*⁶ Hy was verbaas oor hulle ongeloof.

Uitstuur van die twaalf

(Matt 10:1,5-15; Luk 9:1-6)

Hy het by die dorpies in die omgewing rondgegaan en die mense onderrig.⁷ Hy het die twaalf nader geroep en begin om hulle twee-twee uit te stuur.* Hy het vir hulle gesag oor die onrein geeste gegee.⁸ Ook het Hy hulle beveel om niks vir die pad saam te neem nie, behalwe net 'n wandelstok — nie brood of 'n reissak^q of geld in die gordel nie.⁹ Hulle kon wel sandale dra,* maar, het Hy gesê: “Julle moenie twee kledingstukke aantrek nie.”¹⁰ Hy het ook vir hulle gesê: “Waar julle in 'n huis ingaan, bly daar oor totdat julle weer daarvandaan vertrek.*¹¹ Maar as 'n plek julle nie verwelkom nie of die mense nie na julle luister nie, gaan daarvandaan weg en skud die •stof van julle voete af as getuienis teen hulle.*”¹² Hulle het toe uitgegaan en gepreek dat die mense hulle moet bekeer.¹³ Hulle het baie demone uitgedryf, en baie

***6:4** 'n Profeet ... tuisdorp: Joh 4:44

***6:5** 'n paar ... te lê: Matt 14:14; Mark 6:13; gesond ... te lê: Matt 9:18; Mark 5:23; 7:32; 8:23,25; Luk 4:40; 13:13; Hand 9:12,17; 28:8

***6:7** begin ... stuur: Luk 10:1

^q**6:8 reissak:** 'n Drasak gemaak van leer of weefstof.

***6:8-9** het Hy hulle ... sandale dra: Luk 10:7

***6:10** Waar ... vertrek: Luk 10:7

^r**6:11 skud ... af:** Dit was 'n teken dat mense niks verder met ander te doen wou hê nie; vgl Matt 10:14; Luk 9:5; 10:11; Hand 13:51; 18:6.

***6:11** as getuienis ... hulle: Matt 8:4; 10:18; Mark 1:44; 13:9; Luk 5:14

siekes met olyfolie gesalf^{s*} en gesond gemaak.*

Dood van Johannes die Doper

(Matt 14:1-12; Luk 9:7-9)

¹⁴ Koning Herodes^t het van Jesus gehoor, want sy Naam het bekend geword. Sommige het gesê dat Johannes die Doper uit die dood opgewek is, en dié kragte daarom in hom werk. ¹⁵ Ander weer het gesê dit is Elia. Nog ander het gesê dat Hy 'n profeet is, soos een van die profete.* ¹⁶ Maar toe Herodes dit hoor, het hy gesê: “Johannes, wat ek laat onthoof het — dit is hy wat opgewek is.” ¹⁷ *Herodes self het immers vroeër mense gestuur en Johannes gevange laat neem, en hom in die tronk laat boei — en dit vanweë Herodias, die vrou van sy broer Filippus, omdat hy met haar getrou het. ¹⁸ Want Johannes het herhaaldelik vir Herodes gesê: “Dit is nie vir u toelaatbaar om die vrou van u broer te vat nie.”* ¹⁹ Herodias het toe 'n wrok teen hom gekoester en wou hom laat doodmaak; maar sy kon nie, ²⁰ want Herodes was bang vir Johannes, omdat hy besef het dat hy 'n •regverdige en heilige man is, en hom wou beskerm; wanneer Herodes^u hom gehoor het, het hy telkens in groot vertwyfeling verkeer — tog het hy graag na hom geluister.

^s6:13 *met ... gesalf*: Volgens destydse opvatting was olyfolie 'n geneesmiddel. Die salwing met olyfolie moes dien as teken van die sekerheid van die genesing; vgl Jak 5:14.

*6:13 *baie siekes ... gesalf*: Jak 5:14

*6:13 *baie siekes ... gemaak*: Matt 14:14; Mark 6:5

^t6:14 *Herodes*: Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC tot 39 nC.

*6:14-15 *Sommige ... profete*: Matt 16:14; Mark 8:28; Luk 9:19

*6:17-18 Luk 3:19-20

*6:18 *Dit is ... vat nie*: Lev 18:16

^u6:20 *Herodes*: Dit ontbreek in die •bronteks maar word duidelikheidshalwe gespesifiseer.

²¹ 'n Geskikte geleentheid het hom voorgedoen toe Herodes op sy verjaardag 'n feesmaal vir sy hoë amptenare, die chiliarge^v en die vooraanstaande mense van Galilea aangebied het. ²² Sy dogter Herodias^w het ingekom en Herodes en hulle wat aangeleun het vir ete^x vermaak deur te dans. Die koning sê toe vir die meisie: “Vra my net wat jy wil, en ek sal dit vir jou gee.” ²³ Hy het vir haar gesweer: “Wat jy my ook al vra, sal ek vir jou gee, selfs die helfte van my koninkryk.”* ²⁴ Sy het toe uitgegaan en vir haar ma gesê: “Wat moet ek vra?” En sy het geantwoord: “Die kop van Johannes die Doper.” ²⁵ Toe het sy haastig direk na die koning gegaan en hom versoek: “Ek wil hê dat u onmiddellik vir my die kop van Johannes die Doper op 'n skinkbord bring.” ²⁶ Die koning het toe baie bedroef geword, maar ter wille van sy eed en die gaste wou hy haar dit nie weier nie. ²⁷ Die koning het dadelik sy laksman gestuur en opdrag gegee om die kop te bring. Hy het gegaan en hom in die tronk onthoof. ²⁸ Hy het sy kop op 'n skinkbord gebring en dit vir die meisie gegee, en die meisie het dit vir haar ma gegee. ²⁹ Toe Johannes se dissipels hiervan hoor, het hulle gekom en sy liggaam weggeneem en dit in 'n graf neergelê.*

Eerste vermeerdering van brood

(Matt 14:13-21; Luk 9:10-17; Joh 6:1-14)

³⁰ *En die •apostels het by Jesus byeengekom en Hom alles vertel wat

^v6:21 *chiliarge*: Romeinse offisiere wat bevel voer oor 1 000; •Romeinse ampsdraers.

^w6:22 *Sy ... Herodias*: Ander mss lui “die dogter van Herodias”; vgl Matt 14:6; Mark 6:19,28.

^x6:22 *aangeleun ... ete*: Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun het om te eet.

*6:23 *Wat jy ... koninkryk*: Est 5:3,6; 7:2

*6:29 *sy liggaam ... neergelê*: Matt 27:59-60; Luk 23:52-53; Joh 19:38,41

*6:30 Luk 10:17

hulle gedoen en onderrig het. ³¹ Hy sê toe vir hulle: “Kom julle saam na 'n verlate plek en rus 'n bietjie op julle eie.” Want daar was baie mense wat voortdurend gekom en gegaan het; hulle het selfs nie kans gekry om te eet nie. ³² En hulle het in 'n boot vertrek na 'n verlate plek om op hulle eie te wees. ³³ Maar baie mense wat hulle sien vertrek het, het hulle herken en te voet van al die dorpe^y af daarheen gestroom en nog voor hulle daar aangekom. ³⁴ Toe Jesus uitklim, het Hy die groot skare gesien en hulle innig jammer gekry, * omdat hulle soos skape sonder 'n herder was, * en Hy het begin om hulle uitvoerig te onderrig.

³⁵ *Toe dit al baie laat begin word, kom sy dissipels na Hom en sê: “Dit is 'n verlate plek, en dit is reeds baie laat. ³⁶ Stuur hulle weg na die plase in die omtrek en na die dorpies om vir hulleself iets te ete te gaan koop.” ³⁷ Maar Hy het hulle geantwoord: “Gee julle vir hulle iets te ete.” Hulle sê toe vir Hom: “Moet ons dan met tweehonderd denarius^z gaan brood koop en vir hulle gee om te eet?” ³⁸ Maar Hy vra vir hulle: “Hoeveel brode het julle? Gaan kyk!” Hulle het gaan uitvind en kom sê: “Vyf, en twee visse.”

³⁹ Hy het hulle opdrag gegee om almal in groepe op die groen gras te laat sit^a om saam te eet. ⁴⁰ Hulle het in groepe van honderd en van vyftig gaan sit. ⁴¹ Hy het toe die vyf brode en die twee visse geneem, na

***6:31** *hulle het selfs ... eet nie:* Mark 3:20

^y**6:33** *dorpe:* Die Griekse woord *polis* (stad) kan verwys na 'n ommuurde stad of 'n dorp; dit word onderskei van die platteland of landelike area; •Stad.

***6:34** *het Hy die ... gekry:* Matt 9:36; 15:32; Mark 8:2

***6:34** *hulle soos ... herder was:* Num 27:17; 1 Kon 22:17; 2 Kron 18:16; Eseg 34:8; Sag 10:2; Judit 11:19; Matt 9:36

***6:35-44** Matt 15:32-38; Mark 8:1-9

^z**6:37** *200 denarius:* Ongeveer die ekwivalent van 'n arbeider se loon vir agt maande (minus Sabbatte); •Geldeenhede.

^a**6:39** *te ... sit:* Letterlik ‘vir ete aanleun’; vgl Matt 8:11.

die hemel opgekyk en die seëngebed uitgespreek. Daarna het Hy die brode in stukke gebreek en vir sy dissipels gegee om vir die mense uit te deel. Hy het ook die twee visse onder almal verdeel. ⁴² Almal het geëet en het versadig geword. ⁴³ Hulle het twaalf mandjies vol van die stukke brood en van die vis wat oorgebly het, opgetel. ⁴⁴ Daar was vyfduisend mans wat van die brode geëet het.

Jesus loop op die water

(Matt 14:22-23; Joh 6:15-21)

⁴⁵ En onmiddellik het Jesus sy dissipels verplig om in die boot te klim en vooruit na die oorkant te vaar, na Betsaida toe, terwyl Hy die skare wegstuur. ⁴⁶ Nadat Hy van hulle afskeid geneem het, het Hy na die berg gegaan om te bid. ^{*} ⁴⁷ Toe dit aand geword het, was die boot in die middel van die see^b, en Hy alleen aan land. ⁴⁸ Hy het gesien dat hulle worstel met die roeiery, want die wind was teen hulle. Teen ongeveer die vierde nagwaak^c kom Hy op die see na hulle aangeloop, en Hy wou by hulle verbygaan. ⁴⁹ Maar toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle gedink dit is 'n spook^{*}, en hulle het hard geskreeu, ⁵⁰ want hulle almal het Hom gesien en was vreesbevange. Maar Hy het dadelik met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Hou moed, dit is Ek! Moenie langer bang wees nie!” ⁵¹ Hy het toe by hulle in die boot geklim, en die wind het gaan lê. ^{*} Hulle was uitermate verbaas, ⁵² want hulle het nie begryp

^{*}**6:46** *het Hy na ... bid:* Mark 1:35; Luk 5:16; 6:12; 9:28

^b**6:47** *see:* 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

^c**6:48** *vierde nagwaak:* Verwys na die vierde wagbeurt waarin die nag volgens die Romeinse tydsindeling verdeel is; volgens Westerse tydsbepaling dus tussen 03:00 en 06:00; •Tydsindeling.

^{*}**6:49** *het hulle ... spook:* Luk 24:37

^{*}**6:51** *die wind ... lê:* Mark 4:39

wat met die brode gebeur het nie, omdat hulle harte verhard was.*

Genesing van mense in Gennesaret

(Matt 14:34-36)

⁵³ Nadat hulle na die oorkant gevaar het, het hulle by Gennesaret aan wal gegaan en vasgemeer. ⁵⁴ Toe hulle uit die boot klim, het die mense Hom dadelik herken. ⁵⁵ Hulle het haastig deur die hele landstreek gegaan en dié wat siek was, op slaapmatte^d begin aandra na waar hulle gehoor het Hy is. ⁵⁶ Waar Hy ook al in gehuggies of in dorpe of op plase gekom het, het hulle die siekes op die markpleine neergesit en Hom gesmeek dat die siekes selfs net die soom van sy bokleed kon aanraak.* En almal wat Hom aangeraak het, is genees.

7

Menslike tradisie

(Matt 15:1-20)

¹ Die •Fariseërs en sommige van die skrifkenners wat van Jerusalem af gekom het, het toe by Hom byeengekom. ²* Hulle merk toe dat sommige van sy dissipels brood eet met •onrein, dit is met ongewaste, hande. ³ Die Fariseërs en al die Jode eet immers nie tensy hulle hulle hande deeglik gewas het, omdat hulle vasklou aan die tradisie van die voorgeslagte. ⁴ En wanneer hulle van die markplein af kom, eet hulle nie voordat hulle hulleself gewas het nie. Daar is nog baie ander oorgelewerde gebruike waaraan hulle vasklou: die was van bekere,

*6:52 *hulle harte ... was*: Mark 8:17

^d6:55 *slaapmatte*: Verwys na 'n ligte matras met strooi gevul, slaapmat of draagbaar.

*6:56 *dat die ... aanraak*: Matt 9:20; Mark 5:27; Luk 8:44

*7:2 Luk 11:38

kruike, koperhouers* en eetbanke. ⁵ Toe vra die Fariseërs en skrifkenners Hom: “Waarom tree u dissipels nie op in ooreenstemming met die tradisie van die voorgeslagte nie, maar eet hulle brood met onrein hande?” ⁶ En Hy antwoord hulle: “Jesaja het tereg oor julle skynheiliges geprofeteer, soos daar geskryf staan,

“ ‘Hierdie volk eer My met die lippe,
maar hulle harte is ver van My af.

⁷ Tevergeefs vereer hulle My,
want hulle onderrig as leerstellings
die voorskrifte van mense.’* ”

⁸ “Julle versaak die gebod van God en klou vas aan die tradisie van mense.”

⁹ Hy het ook vir hulle gesê: “Julle verstaan die kuns goed om die gebod van God opsy te skuif en sodoende julle tradisie te handhaaf.

¹⁰ Want Moses het gesê, ‘Eer jou vader en jou moeder’* en ‘Wie sy vader of moeder beledig, laat hy beslis doodgemaak word.’* ¹¹ Maar julle sê, ‘As 'n mens vir jou vader of moeder sê, “Watter voordeel u ook al van my sou kon ontvang, dit is korban — dit is 'n offergawe —” ¹² dan hoef 'n mens hoegenaamd niks meer vir sy vader of moeder te doen nie.’

¹³ So ontnem julle die woord van God sy gesag deur die tradisie wat julle oorgelewer het, en julle doen ook nog baie soortgelyke dinge.”

¹⁴ Hy het die skare weer nader geroep en vir hulle gesê: “Luister julle almal na My en verstaan! ¹⁵ Daar is niks wat van buite af in 'n mens

*7:4 was van ... koperhouers: Matt 23:25; Luk 11:39

*7:6-7 Hierdie ... van mense: Jes 29:13 •Septuagint

*7:10 Eer ... moeder: Eks 20:12; Deut 5:16; Mark 10:19; Ef 6:2

*7:10 Wie sy ... doodgemaak word: Eks 21:17; Lev 20:9

ingaan wat jou onrein kan maak nie, maar die dinge wat uit 'n mens uitkom, dit is wat jou onrein maak.”^e

¹⁷ En toe Hy 'n huis binnegegaan het, weg van die skare af, het sy dissipels Hom oor die gelykenis uitgevra.* ¹⁸ Hy sê toe vir hulle: “Is ook julle so sonder begrip? Verstaan julle nie dat niks wat van buite af in 'n mens ingaan, jou onrein kan maak nie? ¹⁹ Die kos gaan immers nie na jou hart nie, maar na jou maag, en word dan in die privaat^f uitgewerp.” So het Hy alle kos rein verklaar. ²⁰ Maar Hy het gesê: “Wat uit 'n mens uitgaan, dit maak 'n mens onrein. ²¹ Want van binne af, uit die hart van mense, kom slegte gedagtes, seksuele losbandigheid, diefstal, moord, ²² owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, geslepenheid, onwelvoeglikheid, jaloesie,^g lastering, hoogmoed, dwaasheid.* ²³ Al hierdie slegte dinge kom van binne af en maak 'n mens onrein.”

Geloof van die Siro-Fenisiëse vrou

(Matt 15:21-28)

²⁴ Hy het daarvandaan weggegaan en na die gebied van Tirus vertrek. Hy het 'n huis binnegegaan en wou nie hê dat iemand dit moes weet nie; maar Hy kon nie onopgemerk bly nie. ²⁵ En gou het daar 'n vrou wie se dogtertjie 'n onrein gees gehad het, van Hom gehoor, en voor sy voete kom neerval. ²⁶ Dit was 'n Griekse vrou, van Siro-Fenisiëse afkoms. Sy het Hom gevra om die demoon uit haar dogter uit te dryf.

^e**7:15 maak:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ¹⁶ “Wie ore het om te hoor, laat hy luister.” Dit word aanvaar dat dit hier nie deel van die oorspronklike teks is nie; vgl egter Op 2:7; 3:6.

***7:17** *het sy ... uitgevra:* Matt 13:36; Mark 4:10; Luk 8:9

^f**7:19** *privaat:* Verwys na 'n soort toilet wat in die Bybelse tyd gebruik is.

^g**7:22** *jaloesie:* Letterlik ‘bose oog’.

***7:21-22** *slegte gedagtes ... dwaasheid:* Rom 1:29-31; 1 Kor 5:11; 6:9-10; Gal 5:19-21; Ef 5:3-4; Kol 3:5; 1 Tim 1:9-10; 2 Tim 3:2-4; 1 Pet 4:3; Op 21:8; 22:15

²⁷ Hy het vir haar gesê: “Laat die kinders eers versadig word, want dit is nie mooi om die kinders se brood te neem en vir die hondjies te gooi nie.” ²⁸ Sy antwoord Hom toe: “Here, die hondjies onder die tafel eet darem van die kindertjies se krummels.” ²⁹ Daarop sê Hy vir haar: “Op grond van wat jy gesê het, gaan huis toe! Die demoon het reeds uit jou dogter uitgegaan.” ³⁰ En toe sy by haar huis kom, kry sy die kindjie op die bed lê, en die demoon was reeds uit haar uit.

Genesing van 'n doofstom man

³¹ Jesus het weer uit die gebied van Tirus vertrek en deur Sidon na die See van Galilea^h gegaan, deur die gebied van Dekapolis.ⁱ ³² Hulle bring toe iemand wat doof was en met 'n spraakgebrek na Hom, en smee Hom om die man die hande op te lê.* ³³ Nadat Hy die man eenkant toe geneem het, weg van die skare af, het Hy sy vingers in die man se ore gesteek, gespoeg en sy tong aangeraak. ³⁴ Nadat Hy na die hemel opgekyk het,* sug Hy en sê vir hom: “Effata!”^j dit is, ‘Gaan oop!’ ³⁵ En dadelik is sy ore geopen, die band van sy tong losgemaak, en hy kon normaal praat. ³⁶ Jesus het hulle beveel om dit aan niemand te vertel nie.* Maar hoe meer Hy hulle dit beveel het, hoe meer het hulle dit uitbasuin.* ³⁷ Hulle was uitermate verwonderd en het gesê: “Hy het alles

^h**7:31 See van Galilea:** 'n Binnelandse meer, ook bekend as die •Meer van Gennesaret of •See van Tiberias.

ⁱ**7:31 Dekapolis:** 'n Gebied oos van die Jordaan. Die naam Dekapolis beteken ‘tien dorpe’.

^{*}**7:32 smee ... te lê:** Matt 9:18; Mark 5:23; 8:23,25; Luk 4:40; 13:13; Hand 9:12,17; 28:8

^{*}**7:33** Mark 8:23

^{*}**7:34 Nadat Hy ... opgekyk het:** Matt 14:19; Mark 6:41

^j**7:34 Effata:** Dit is Aramees wat Jesus hier gebruik.

^{*}**7:36 Jesus ... vertel nie:** Mark 1:44; 5:43

^{*}**7:36 hoe meer ... uitbasuin:** Mark 1:45

goed gedoen. Selfs dowes laat Hy hoor en stommes laat Hy praat.”^k

8

Tweede vermeerdering van brood

(Matt 15:32-39)

¹ *Toe daar gedurende daardie dae weer 'n groot skare was en hulle niks gehad het om te eet nie, het Jesus die dissipels nader geroep en vir hulle gesê: ² “Ek voel innig jammer vir die skare, want hulle is reeds drie dae by My en het niks om te eet nie. ³ As Ek hulle honger huis toe stuur, sal hulle op pad beswyk. Sommige van hulle kom immers van ver af.” ⁴ Sy dissipels het Hom egter geantwoord: “Waar in hierdie verlate plek sal mens brood kan kry om hulle te versadig?” ⁵ Hy vra hulle toe: “Hoeveel brode het julle?” Hulle antwoord: “Sewe.” ⁶ Toe beveel Hy die skare om op die grond te gaan sit. Nadat Hy die sewe brode geneem en gedank het, breek Hy dit en gee vir sy dissipels om voor te sit, en hulle het dit aan die skare voorgesit. ⁷ Hulle het ook 'n paar vissies gehad. Nadat Hy die seëngebed daarvoor uitgespreek het, het Hy gesê dat hulle ook dit moet voorsit. ⁸ Die mense het geëet en versadig geword, en van die stukke wat oorgebly het, sewe mandjies vol opgetel. ⁹ Daar was ongeveer vierduisend mense. Daarna het Hy hulle weggestuur. ¹⁰ Hy het dadelik in 'n boot geklim en saam met sy dissipels na die streek van Dalmanuta^l gegaan.

Vraag vir 'n teken

(Matt 16:1-4)

¹¹ *Die •Fariseërs het na vore getree en begin om met Hom te redeneer.

^k7:37 *dowes ... praat:* Verwys na Jes 35:5-6 as heenwysing na Jesus Christus.

*8:1-10 Matt 14:14-21; Mark 6:35-44; Luk 9:12-17; Joh 6:5-13

^l8:10 *Dalmanuta:* Ook bekend as Magadan; vgl Matt 15:39.

*8:11 Matt 12:38; 16:1; Luk 11:16; Joh 6:30

Om Hom te toets, het hulle Hom 'n teken uit die hemel gevra. ¹² Hy het in sy binneste diep gesug en gesê: “Waarom vra hierdie geslag 'n teken?” •Amen, Ek sê vir julle: Aan hierdie geslag sal beslis geen teken gegee word nie.” ¹³ Hy het hulle verlaat, weer in die skuit geklim en na die oorkant vertrek.

Suurdeeg van die Fariseërs en van Herodes

(Matt 16:5-12)

¹⁴ Hulle het vergeet om brode saam te neem. Behalwe 'n brood, het hulle niks anders by hulle in die boot gehad nie. ¹⁵ Jesus het hulle gewaarsku: “Pasop, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die •Fariseërs* en die suurdeeg van Herodes.”^m

¹⁶ Hulle het toe onder mekaar bespiegel dat dit is omdat hulle nie brood het nie. ¹⁷ Bewus hiervan, sê Hy vir hulle: “Waarom redekawel julle daarvoor dat julle nie brood het nie? Verstaan julle nie en begryp julle nie? Het julle steeds verharde harte?”

¹⁸ “Het julle oë, en sien julle nie?

Het julle ore, en hoor julle nie?”

“En onthou julle nie ¹⁹* toe Ek die vyf brode vir die vyfduisend gebreek het, hoeveel mandjies vol stukke julle opgetel het nie?” Hulle antwoord

***8:12** *Waarom ... teken:* Matt 12:39; Luk 11:29

***8:15** *Pasop ... Fariseërs:* Luk 12:1

^m**8:15** *Herodes:* Herodes Antipas, een van die seuns van •Herodes die Grote. Nadat sy pa gesterf het, het hy oor Galilea en Perea regeer van 4 vC tot 39 nC.

***8:17** *Waarom ... harte:* Mark 6:52

***8:18** *Het julle oë ... hoor julle nie:* Jer 5:21; Eseg 12:2; Mark 4:12; Hand 28:26

***8:19** Matt 14:15-21; Mark 6:35-44; Luk 9:12-17; Joh 6:5-13

Hom: “Twaalf.”²⁰ * “En toe Ek die sewe brode vir die vierduisend gebreek het, hoeveel mandjies vol stukke wat oorgebly het, het julle toe opgetel?” Hulle antwoord Hom: “Sewe.”²¹ Hy sê toe vir hulle: “Begryp julle steeds nie?”

Genesing van 'n blinde man in Betsaida

²² Hulle kom toe in Betsaida aan. Die mense het 'n blinde man na Jesus gebring en Hom gesmeek om hom aan te raak. ²³ Toe vat Hy die blinde man aan die hand en lei hom uit die dorp uit weg. En nadat Hy op sy oë gespoeg* en sy hande op hom geplaas het,* vra Hy hom: “Sien jy iets?”²⁴ Die man het opgekyk en gesê: “Ek sien die mense. Ek sien hulle rondloop soos bome.”²⁵ Daarop sit Jesus weer sy hande oor die man se oë, en het sy oë oopgemaak, en hy was genees en kon alles duidelik sien. ²⁶ Jesus het hom huis toe gestuur en gesê: “Moenie in die dorp ingaan nie.”

Petrus se belydenis

(Matt 16:13-20; Luk 9:18-21)

²⁷ Jesus en sy dissipels het na die dorpe van Caesarea-Filippi vertrek. Op pad het Hy vir sy dissipels gevra: “Wie sê die mense is Ek?”²⁸ * Hulle antwoord Hom: “Johannes die Doper; ander sê Elia, en nog ander sê een van die profete.”²⁹ Hy vra hulle toe: “Maar julle, wie sê julle is Ek?”
• Petrus antwoord Hom: “U is die Christus.”ⁿ ³⁰ * Jesus het hulle toe opdrag gegee om niemand van Hom te vertel nie.

* **8:20** Matt 15:32-38; Mark 8:1-9

* **8:23** *nadat Hy ... gespoeg:* Joh 9:6

* **8:22-23** *Die mense ... geplaas het:* Mark 7:32-33

* **8:28** Mark 6:14-15; Luk 9:7-8

ⁿ**8:29** *Christus:* Dit is die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’, en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

* **8:30** Mark 9:9

Eerste lydensaankondiging

(Matt 16:21-28; Luk 9:22-27)

³¹ Hy het begin om hulle te leer dat die •Seun van die Mens baie moet ly, deur die familiehoofde, leierpriesters en skrifkenners verwerp en doodgemaak moet word,* en ná drie dae moet opstaan. ³² Hy het openlik hieroor gepraat. •Petrus het Hom eenkant toe geneem en Hom begin berispe. ³³ Maar Hy het omgedraai, na sy dissipels gekyk en Petrus berispe: “Gaan weg agter my, Satan,^o want jy bedink nie die dinge van God nie, maar die dinge van mense.”

³⁴ Nadat Hy die skare saam met sy dissipels nader geroep het, het Hy vir hulle gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg.* ³⁵ *Want wie sy lewe wil red, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My en die evangelie verloor, sal dit red. ³⁶ Wat baat dit 'n mens immers as hy die hele wêreld as wins bekom, maar sy lewe verloor? ³⁷ Wat sou 'n mens gee as losprys vir sy lewe? ³⁸ *Want wie hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die Mens Hom skaam wanneer Hy in die heerlikheid van sy Vader kom, saam met die heilige engele.”

9

¹ En Hy het vir hulle gesê: “•Amen, Ek sê vir julle dat daar sommige van julle is wat hier staan, wat beslis nie die dood sal smaak voordat hulle

* **8:31** *die Seun ... moet word:* Matt 17:12; Mark 9:12; Luk 17:25

^o **8:33** *Satan:* Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

* **8:34** *As iemand ... My volg:* Matt 10:38; Luk 14:27

* **8:35** Matt 10:39; Luk 17:33; Joh 12:25

* **8:38** Matt 10:33; Luk 12:9

die •koningsheerskappy van God met krag sien kom het nie.*”

Verheerliking van Jesus

(Matt 17:1-13; Luk 9:28-36)

² *Ses dae later neem Jesus vir •Petrus, Jakobus en Johannes* saam en lei hulle teen 'n hoë berg uit waar hulle heeltemal alleen was. Hy het toe voor hulle van gedaante verander. ³ Sy klere het blink geword, spierwit, so wit soos niemand op aarde iets kan bleik nie. ⁴ Toe het Elia saam met Moses aan hulle verskyn, en hulle was besig om met Jesus te praat. ⁵ Petrus reageer toe en sê vir Jesus: “Rabbi,^p dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou; een vir U, een vir Moses en een vir Elia.” ⁶ Hy het immers nie geweet wat hy moet sê nie, want hulle was totaal verskrik. ⁷ Daar kom toe 'n wolk wat 'n skaduwee oor hulle gooi, en uit die wolk kom daar 'n stem: “Dit is my Seun, my geliefde,^q luister na Hom!”^r ⁸ Skielik het hulle, toe hulle rondkyk, niemand behalwe net Jesus by hulle gesien nie. ⁹ Terwyl hulle van die berg af gaan, het Jesus hulle beveel om niemand te vertel wat hulle gesien het* voordat die •Seun van die Mens uit die dood opgestaan het nie. ¹⁰ Hulle het dié saak vir hulleself gehou, terwyl hulle onderling bespiegel het wat “uit die

*9:1 sommige ... het nie: Mark 13:30

*9:2-8 2 Pet 1:17-18

*9:2 Petrus ... Johannes: Matt 10:2; Mark 1:29; 3:16-17; 5:37; 13:3; 14:33; Luk 5:10; 6:14; 8:51; Hand 1:13

^p9:5 **Rabbi:** 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

^q9:7 **Dit ... geliefde:** Verwys na Ps 2:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 3:17; 12:18; Mark 1:11; Luk 3:22; 2 Pet 1:17.

^r9:7 **luister na Hom:** Verwys na Deut 18:15 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Hand 3:22.

*9:9 **het Jesus ... gesien het:** Matt 12:16; Mark 8:30

dood opstaan” beteken. ¹¹ Hulle vra Hom toe: “Waarom sê die skrifkenners dat Elia eers moet kom?” ¹² Hy het hulle geantwoord: “Elia kom inderdaad eers om alles te herstel.* En waarom staan daar dan geskryf oor die Seun van die Mens dat Hy baie moet ly en verag word?^s ¹³ Maar Ek sê vir julle: Elia het reeds gekom* en hulle het aan hom gedoen wat hulle wou, soos daar oor hom geskryf staan.”

Genesing van 'n seun

(Matt 17:14-20; Luk 9:37-43a)

¹⁴ Toe hulle by die dissipels kom, sien hulle 'n groot skare rondom hulle en skrifkenners wat met hulle redeneer. ¹⁵ Die hele skare was dadelik verras toe hulle Jesus sien, en het nader gehardloop en Hom gegroet. ¹⁶ Hy het hulle gevra: “Waaroor redeneer julle met hulle?” ¹⁷ Een uit die skare het Hom geantwoord: “Meester,^t ek het my seun na U gebring; hy het 'n gees in hom wat hom stom maak. ¹⁸ Elke keer as die gees hom gryp, gooi hy hom neer. Die seun kry dan skuim om sy mond, kners op sy tande en kry stuiptrekkings. Ek het u dissipels gevra om die gees uit te dryf, maar hulle kon nie.” ¹⁹ Toe antwoord Hy hulle: “O ongelowige geslag, hoe lank moet Ek nog by julle bly? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom na My toe.” ²⁰ Hulle het die seun na Hom gebring. Toe die gees Jesus sien, laat hy die seun dadelik stuiptrekkings kry. Hy het op die grond geval en rondgerol met skuim om sy mond. ²¹ Jesus het die pa gevra: “Hoe lank gebeur dit al met hom?” Hy het geantwoord: “Van kleins af. ²² Baie keer het die gees hom

*9:11-12 sê die ... herstel: Mal 4:5-6

^s9:12 staan ... verag word: Verwys na Ps 22:1-18; Jes 53:3 as heenwysings na Jesus Christus.

*9:13 Elia ... gekom: Matt 11:14

^t9:17 Meester: Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

selfs in die vuur en in die water gegooi om hom dood te maak. Maar as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons.”²³ Jesus vra hom toe: “‘As U kan?’ Alle dinge is moontlik vir iemand wat glo.”²⁴ Onmiddellik roep die pa van die kind uit: “Ek glo! Kom my ongeloof te hulp!”²⁵ Toe Jesus sien dat 'n skare saamdrom, het Hy die onrein gees bestraf en vir hom gesê: “Stom en dowe gees, Ek beveel jou, gaan uit hom uit en moet nooit weer in hom inkom nie!”²⁶ Die gees het toe geskreeu en die seun baie stuiptrekkings laat kry en uit hom uitgegaan.* Die seun het soos 'n dooie geword, sodat baie mense gesê het: “Hy het gesterf.”²⁷ *Jesus het egter sy hand gevat, hom regop gehelp, en hy het opgestaan.²⁸ Nadat Jesus 'n huis binnegegaan het, en hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: “Waarom kon ons dan die gees nie uitdryf nie?”²⁹ Hy het vir hulle gesê: “Hierdie soort kan met niks anders as met gebed^u uitgedryf word nie.”

Tweede lydensaankondiging

(Matt 17:22-23; Luk 9:43b-45)

³⁰ Hulle het daarvandaan vertrek en deur Galilea gereis. Jesus wou nie hê dat iemand daarvan weet nie.³¹ Hy was immers besig om sy dissipels te leer en het vir hulle gesê: “Die •Seun van die Mens word in die hande van mense oorgelewer en hulle sal Hom doodmaak, maar drie dae nadat Hy doodgemaak is, sal Hy opstaan.”³² Hulle het hierdie uitspraak nie verstaan nie en was bang om Hom daaroor uit te vra.

***9:23** *Alle ... glo:* Matt 21:21; Mark 11:23-24; Luk 17:6

***9:24** *Kom ... hulp:* Luk 17:5

***9:26** *Die gees ... uitgegaan:* Mark 1:26

***9:27** Matt 9:25; Mark 1:31; 5:41; Luk 8:54; Hand 3:7

^u**9:29** *gebed:* Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna “en vas”.

***9:31** *Die Seun ... opstaan:* Matt 16:21; 20:18-19; Mark 8:31; 10:33-34; Luk 18:32-33; 24:7

Belangrikste in die koninkryk

(Matt 18:1-5; Luk 9:46-48)

³³ Hulle het in Kapernaum aangekom, en toe Jesus by hulle in die huis was, vra Hy hulle: “Waaroor het julle op pad geredeneer?” ³⁴ Hulle het egter stilgebly, want hulle het op pad onder mekaar geredekawel oor wie die belangrikste is.* ³⁵ Nadat Hy gaan sit het, roep Hy die twaalf en sê vir hulle: “As iemand eerste wil wees, moet hy laaste van almal en almal se dienaar wees.”* ³⁶ Hy het 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy neem hom toe in sy arms en sê vir hulle: ³⁷ * “Wie een van hierdie kindertjies in my Naam ontvang, ontvang My, en wie My ontvang, ontvang nie My nie, maar Hom wat My gestuur het.”

Teen ons of vir ons

(Luk 9:49-50)

³⁸ Johannes het vir Hom gesê: “Meester,^v ons het iemand in u Naam demone sien uitdryf, en ons het hom probeer keer, omdat hy ons nie volg nie.” ³⁹ Maar Jesus het gesê: “Moet hom nie keer nie, want niemand wat in my Naam 'n kragtige daad doen, kan net daarna sleg van My praat nie. ⁴⁰ * Want wie nie teen ons is nie, is vir ons. ⁴¹ Wie vir julle in my Naam 'n beker water te drinke gee omdat julle aan Christus^w behoort — •Amen, Ek sê vir julle: Hy sal beslis nie sy beloning verbeur nie.”

*9:34 want ... belangrikste is: Luk 22:24

*9:35 As iemand ... dienaar wees: Matt 20:26-27; 23:11; Mark 10:43-44; Luk 22:26

*9:37 Matt 10:40; Luk 10:16; Joh 13:20

^v9:38 **Meester:** Vgl voetnoot in 9:17.

*9:40 Matt 12:30; Luk 11:23

^w9:41 **Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

Waarskuwing teen struikelblokke

(Matt 18:6-9; Luk 17:1-2)

⁴² “Wie een van hierdie kleintjies^x wat in My glo, laat struikel, dit sou vir hom beter wees as die maalklip van 'n donkie^y om sy nek gehang en hy in die see gegooi word. ⁴³ As jou hand jou laat struikel, kap dit af! Dit is vir jou beter om vermink die lewe^z in te gaan as om met twee hande weg te gaan tot in Gehenna,^{a*} in die onblusbare vuur.^b ⁴⁵ As jou voet jou laat struikel, kap dit af! Dit is vir jou beter om kreupel die lewe in te gaan as om met twee voete in Gehenna gegooi te word.^c ⁴⁷ *En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit! Dit is beter vir jou om met een oog die •koninkryk van God in te gaan as om met twee oë in Gehenna gegooi te word,^d ⁴⁸ waar die wurm in hulle nie doodgaan en die vuur nie geblus word nie. ⁴⁹ Want elkeen sal met vuur gesout word. ⁵⁰ Sout is goed, maar

^x9:42 *kleintjies*: Kan ook vertaal word “geringes”, 'n benaming wat in Matteus vir dissipels van Jesus gebruik word; vgl Matt 10:42.

^y9:42 *maalklip ... donkie*: Die boonste van twee •maalklippe, met 'n gat in die middel, wat deur 'n donkie in die rondte gedraai is.

^z9:43 *lewe*: Gestel teenoor “•Gehenna”, verwys dit na die ewige lewe.

^a9:43 *Gehenna*: 'n Vergriekste vorm van die Hebreeuse uitdrukking *ge hinnom*, wat verwys na die Hinnomdal, wat volgens Jer 7:31-32; 19:6-7 'n plek van straf sou word. Word ook as "hel" vertaal.

^{*}9:43 *As jou ... Gehenna*: Matt 5:30

^b9:43 *vuur*: Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ⁴⁴ “Waar die wurm in hulle nie doodgaan en die vuur nie geblus word nie.” Dit ontbreek egter in die •bronteks.

^c9:45 *te word*: Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ⁴⁶ “Waar die wurm in hulle nie doodgaan en die vuur nie geblus word nie.” Dit ontbreek egter in die bronteks.

^{*}9:47 Matt 5:29

^d9:47 *te word*: Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna ⁴⁸ “En elke offerande sal met •sout gesout word”; vgl Jes 66:24.

as sout^e smaakloos geword het, waarmee sal julle dit weer smaak gee?^{*}
Julle moet sout in julleself hê^{f*} en in vrede met mekaar leef.^{**}”

10

Huwelik en egskeiding

(Matt 19:1-12)

¹ Jesus het gereedgemaak, daarvandaan vertrek en in die gebied van Judea oorkant die Jordaan aangekom. Die skares stroom toe opnuut na Hom toe, en soos Hy gewoon was, het Hy hulle weer onderrig.

² Daar het ook •Fariseërs nader gekom en, om Hom te toets, gevra of dit vir 'n man toelaatbaar is om van sy vrou te skei. ³ Hy het hulle geantwoord: “Wat het Moses julle beveel?” ⁴ Hulle antwoord toe: “Moses het 'n man toegelaat om 'n skeibrief te skryf en te skei.^{**}” ⁵ Toe sê Jesus vir hulle: “Dit is weens julle harde harte dat hy hierdie reël vir julle neergelê het, ⁶ *‘maar van die begin van die skepping af het God[§] hulle man en vrou gemaak’. ⁷ Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en aan sy vrou verbind word, ⁸ en die twee sal een vlees wees,^{*} sodat hulle nie meer twee is nie, maar een. ⁹ Daarom, wat God saamgevoeg het, moet 'n mens nie skei nie.”

¹⁰ Terug in die huis het die dissipels Hom hieroor uitgevra. ¹¹ Hy

^e9:50 **sout:** Behalwe dat sout smaak gee, was dit in die Bybelse tyd ook bekend vir die suiwerende en bederfwerende krag daarvan; vgl 2 Kon 2:19-22.

^{*}9:50 *maar as ... smaak gee:* Matt 5:13; Luk 14:34

^f9:50 **Julle ... hê:** Word ook vertaal “Julle moet sout vir mekaar wees.”

^{*}9:50 *Julle moet ... julle hê:* Kol 4:6

^{*}9:50 *in vrede ... leef:* Rom 12:18; 1 Thess 5:13

^{*}10:4 *om 'n ... skei:* Deut 24:1,3; Matt 5:31; 19:7

^{*}10:6 Gen 1:27; 5:2

[§]10:6 **God:** Letterlik ‘Hy’.

^{*}10:7-8 *Daarom ... vlees wees:* Gen 2:24; Ef 5:31

antwoord hulle toe: “Wie van sy vrou skei en met 'n ander vrou trou, pleeg egbreuk teenoor haar; ¹² en as sy van haar man skei en met 'n ander man trou, pleeg sy egbreuk.*”

Kindertjies geseën

(Matt 19:13-15; Luk 18:15-17)

¹³ Hulle het kindertjies na Jesus gebring sodat Hy hulle kon aanraak, maar die dissipels het hulle berispe. ¹⁴ Toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het vir hulle gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie meer verhinder nie, want die •koninkryk van God behoort aan mense soos hulle. ¹⁵ *•Amen, Ek sê vir julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie.” ¹⁶ Hy neem hulle toe in sy arms en seën hulle, terwyl Hy sy hande op hulle lê.

Die ryk man

(Matt 19:16-30; Luk 18:18-30)

¹⁷ Toe Hy uitgaan om sy reis te hervat, hardloop daar iemand na Hom toe, kniel voor Hom en vra Hom: “Goeie Meester,^h wat moet ek doen sodat ek die ewige lewe kan erf?” ¹⁸ Jesus het hom geantwoord: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, en dit is God! ¹⁹ Jy ken die gebooie, ‘Jy mag nie moord pleeg nie; jy mag nie egbreuk pleeg nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie vals getuig nie; jy mag nie bedrog pleeg nie; * eer jou vader en jou moeder.’” ²⁰ Maar hy

***10:11-12** *Wie van ... pleeg sy egbreuk:* Matt 5:32; Luk 16:18; 1 Kor 7:10-11

***10:15** Matt 18:3

^h**10:17 Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

***10:19** *jy mag nie bedrog pleeg nie:* Deut 24:14; Jak 5:4

***10:19** *Jy mag nie moord ... moeder:* Eks 20:12-16; Deut 5:16-20

antwoord Hom: “Meester, al hierdie dinge het ek van jongs af nagekom.”²¹ Jesus het stip na hom gekyk, hom liefgekry en vir hom gesê: “Een ding kom jy kort — gaan verkoop alles wat jy het en gee dit vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel* hê. En jy, kom hier, volg My.”²² Maar hy het terneergedruk geword oor hierdie antwoord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.

²³ Jesus het toe om Hom rondgekyk vir sy dissipels gesê: “Hoe moeilik sal hulle wat rykdom het, in die •koninkryk van God ingaan!”²⁴ Die dissipels was verbysterd oor sy woorde. Jesus sê toe weer vir hulle: “Kinders, hoe moeilik is dit tog om in die koninkryk van God in te gaan!ⁱ²⁵ Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk mens om in die koninkryk van God in te gaan.”²⁶ Die dissipels was heeltemal uit die veld geslaan en het vir mekaar gesê: “Wie kan dan gered word?”²⁷ Jesus het stip na hulle gekyk en gesê: “By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie, want by God is alles moontlik.*”

²⁸ •Petrus het vir Hom gesê: “Ky, óns het alles agtergelaat en U gevolg.”²⁹ Jesus het geantwoord: “•Amen, Ek sê vir julle: Daar is niemand wat huis, broers of susters, ma, pa of kinders of grond ter wille van My en ter wille van die evangelie agterlaat,³⁰ en nie nou in hierdie tyd honderd maal soveel sal ontvang nie: huise, broers en susters, ma's en kinders, en grond — en vervolgings daarmee saam — en in die bedeling wat kom, die ewige lewe.³¹ *Maar baie wat eerste is, sal laaste

***10:21** 'n skat ... hemel: Matt 6:20; Luk 12:33

***10:23** Hoe ... ingaan: Mark 4:19

ⁱ**10:24** gaan: Sommige Griekse mss lui verder “vir hulle wat op hulle rykdom vertrou”.

***10:27** want ... moontlik: Gen 18:14; Job 42:2; Sag 8:6 •Septuagint; Mark 14:36

***10:31** Matt 20:16; Luk 13:30

wees en wat laaste is, eerste.”

Derde lydensaankondiging

(Matt 20:17-19; Luk 18:31-34)

³² Terwyl hulle op pad was om na Jerusalem op te gaan, het Jesus voor hulle uit geloop. Die dissipels was verbaas, en dié wat hulle gevolg het, was bang. Hy het die twaalf weer opsy geneem en begin om hulle te vertel van die dinge wat met Hom gaan gebeur. ³³ **“Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en die •Seun van die Mens sal aan die leierpriesters en skrifkenners oorgelewer word, en hulle sal Hom ter dood veroordeel en aan die heidene oorlewer. ³⁴ Hulle sal Hom bespot, op Hom spoeg, Hom gesel en doodmaak, maar ná drie dae sal Hy opstaan.”*

Versoek oor Jakobus en Johannes

(Matt 20:20-28)

³⁵ Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, * het na Hom gekom en gevra: “Meester,^j ons wil hê dat wat ons ook al van U vra, U vir ons moet doen.” ³⁶ Jesus vra hulle: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”* ³⁷ Hulle antwoord Hom: “Beskik dat, in u heerlikheid, een van ons aan u regterhand^k en een aan u linkerhand mag sit.”* ³⁸ Maar Jesus antwoord hulle: “Julle besef nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek drink* of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop

***10:33-34** Matt 16:21; 17:22-23; Mark 8:31; 9:31; Luk 24:7

***10:35** *Jakobus ... Sebedeus:* Matt 4:21; 10:2; 17:1; Mark 1:19,29; 3:17; 5:37; 9:2; 10:41; 13:3; 14:33; Luk 5:10; 6:14; 8:51; 9:28,54; Hand 1:13

^j**10:35** *Meester:* Vgl voetnoot in 10:17

***10:36** *Wat ... doen:* Matt 20:32; Mark 10:51; Luk 18:41

^k**10:37** *regterhand:* 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

***10:37** *Beskik ... sit:* Matt 19:28; Luk 22:30

***10:38** *die beker ... Ek drink:* Joh 18:11

word?*" 39 Hulle sê vir Hom: "Ons kan." Jesus sê toe vir hulle: "Die beker wat Ek drink, sal julle drink, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.* 40 Maar om aan my regterhand of linkerhand te sit, is nie vir My om te beskik nie, maar dit is vir hulle vir wie dit voorberei is."

41 Toe die tien dit hoor, het hulle verontwaardig geword oor Jakobus en Johannes. 42 * Jesus het hulle na Hom toe geroep en vir hulle gesê: "Julle weet dat hulle wat as heersers oor die nasies beskou word, oor hulle baasspeel en dat hulle maghebbers oor hulle gesag uitoefen. 43 So is dit egter nie by julle nie,¹ maar wie belangrik onder julle wil wees, moet julle dienaar wees, 44 en wie eerste onder julle wil wees, moet almal se slaaf wees.* 45 *Want ook die •Seun van die Mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie."

Genesing van die blinde Bartimeus

(Matt 20:29-34; Luk 18:35-43)

46 Hulle het in Jerigo aangekom. En toe Hy met sy dissipels en 'n groot skare uit Jerigo vertrek, het 'n blinde bedelaar, Bartimeus, die seun van Timeus, langs die pad gesit. 47 Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, begin hy uitroep: "•Seun van Dawid, Jesus, ontferm U oor my!"* 48 Baie mense het hom berispelend aangesê om stil te bly, maar hy het net al hoe

*10:38 *met die doop ... Ek gedoop word:* Luk 12:50

*10:39 *Die beker ... julle gedoop word:* Hand 12:2

*10:42 Luk 22:25

¹10:43 *So ... julle nie:* Sommige mss en vroeë vertalings lui "So moet dit nie onder julle wees nie".

*10:43-44 *maar wie belangrik ... slaaf wees:* Matt 23:11; Mark 9:35; Luk 22:26

*10:45 1 Tim 2:5-6

*10:47 *Seun ... my:* Matt 9:27; 15:22

harder uitgeroep: “Seun van Dawid, ontferm U oor my!”⁴⁹ Jesus het gaan staan en gesê: “Roep hom!” Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: “Hou moed! Staan op! Hy roep jou.”⁵⁰ Hy gooi toe sy bokleed af, spring op en kom na Jesus toe.⁵¹ Jesus vra hom: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?”* Die blinde man antwoord Hom: “Rabboeni,^m dat ek kan sien.”ⁿ⁵² Jesus sê toe vir hom: “Gaan! Jou geloof het jou gered.*” En dadelik kon hy sien, en hy het Hom op sy pad gevolg.

11

Intog in Jerusalem

(Matt 21:1-11; Luk 19:28-40; Joh 12:12-19)

¹ Toe hulle naby Jerusalem kom, by Betfage en Betanië teen die Olyfberg, stuur Jesus twee van sy dissipels ² met die opdrag: “Gaan na die dorpie daar voor julle, en sodra julle in die dorpie ingaan, sal julle 'n vasgemaakte donkievul vind waarop niemand nog ooit gesit het nie. Maak hom los en bring hom. ³ As iemand julle vra, ‘Waarom doen julle dit?’ sê dan, ‘Die Here het hom nodig, en Hy sal hom dadelik hierheen terugstuur.’” ⁴ Hulle het gegaan en 'n donkievul gevind, vasgemaak by 'n deur buite op die straat, en hom losgemaak. ⁵ Van die mense wat daar gestaan het, het vir hulle gevra: “Waarom maak julle die donkievul los?” ⁶ Hulle het hulle toe geantwoord soos Jesus beveel het, en die mense het hulle laat begaan. ⁷ Hulle bring toe die donkievul na Jesus en gooi hulle boklere oor hom, en Jesus het op hom gaan sit. ⁸ Baie mense het hulle boklere op die pad oopgesprei, en ander weer takke met blare

*10:51 *Wat ... doen:* Mark 10:36

^m10:51 **Rabboeni:** 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

ⁿ10:51 **sien:** Die Griekse woord beteken ‘sien’ of ‘weer sien’.

*10:52 *Jou geloof ... gered:* Matt 9:22; Mark 5:34; Luk 7:50; 8:48; 17:19

wat hulle in die veld afgekap het. ⁹ Dié wat voor geloop het en dié wat gevolg het, het uitgeroep:

“Hosanna!^o

Geseënd is Hy wat kom
in die Naam van die Here!^p

¹⁰ Geseënd is die koninkryk wat kom,
dié van ons vader Dawid!^{*}

Hosanna in die hoogste!”

¹¹ Jesus het in Jerusalem die tempelsterrein^q binnegegaan. En nadat Hy na alles rondom Hom gekyk het, het Hy, omdat dit reeds aand was, na Betanië vertrek met die twaalf.

Vervloeking van die vyeboom

(Matt 21:18-19)

¹² Toe hulle die volgende dag van Betanië af vertrek, het Hy honger geword. ¹³ Hy het van ver af 'n vyeboom met blare gesien, en gaan kyk of Hy nie miskien iets daaraan sou vind nie. Toe Hy by die boom kom, het Hy niks gevind nie, net blare,^{*} want dit was nie tyd vir vye nie.

¹⁴ Hy sê toe vir die vyeboom: “Mag niemand tot in ewigheid ooit weer 'n

^o**11:9 Hosanna:** Die Hebreeuse woorde wat in Ps 118:25 met “verlos ons tog” vertaal is, word uitgespreek *hosji-a na*. Dit het die uitroep “•Hosanna” geword.

^p**11:9 Hosanna ... Here:** Aanhaling uit Ps 118:25-26 as heenwysing na Jesus Christus; Matt 21:9,15; Joh 12:13.

^{*}**11:10 Geseënd ... Dawid:** Luk 1:32-33; Hand 2:29

^q**11:11 tempelsterrein:** Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

^{*}**11:13 Hy het van ... blare:** Luk 13:6

vrug van jou af eet nie!”* Sy dissipels het dit gehoor.

Reiniging van die tempel

(Matt 21:12-17; Luk 19:45-48; Joh 2:13-22)

¹⁵ Hulle het in Jerusalem aangekom. Jesus het toe die tempelterrein^r binnegegaan en die mense wat op die tempelterrein aan die koop en verkoop was, begin uitjaag. Hy het ook die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi, ¹⁶ en niemand toegelaat om enige voorwerp oor die tempelterrein te dra nie. ¹⁷ Hy het hulle geleer en gesê: “Staan daar nie geskryf nie,

“ ‘My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies genoem word’?^{*}
Maar julle het daarvan 'n rowerspelonk^{*} gemaak.”

¹⁸ Die leierpriesters en die skrifkenners het dit gehoor en wou Hom om die lewe bring,^{*} want hulle was bang vir Hom, omdat die hele skare verwonderd was oor sy lering. ¹⁹ Toe dit aand geword het, het Jesus en sy dissipels^s uit die stad uitgegaan.

Die verdorde vyeboom

(Matt 21:20-22)

²⁰ *Toe hulle vroegoggend daar verbygaan, het hulle die vyeboom gesien, verdor tot in sy wortels. ²¹ •Petrus het onthou — en sê vir Hom:

*11:14 *Mag ... eet nie:* Mark 11:20

^r11:15 *tempelterrein:* Vgl die voetnoot in 11:11.

*11:17 *My huis ... genoem word:* Jes 56:7

*11:17 *rowerspelonk:* Jer 7:11

*11:18 *Die leierpriesters ... bring:* Mark 14:1; Luk 20:19; 22:2

^s11:19 *Jesus ... dissipels:* Letterlik ‘hulle’. Sommige mss lui “Hy”.

*11:20-21 Mark 11:14

“Rabbi,^t kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdor!”²² Jesus antwoord hulle toe: “Julle moet geloof in God hê.²³ •Amen, Ek sê vir julle: Wie vir hierdie berg sê, ‘Lig jouself op en gooi jouself in die see,’ en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gaan gebeur, vir hom sal dit gebeur.²⁴ Daarom sê Ek vir julle, alles waarvoor julle bid en vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so gebeur.²⁵ En wanneer julle staan en bid — as julle iets teen iemand het,^{*} vergeef hom, sodat julle Vader in die hemele^u julle ook julle oortredinge kan vergeef.^{**v}”

Vraag oor Jesus se gesag

(Matt 21:23-27; Luk 20:1-8)

²⁷ Hulle het toe weer in Jerusalem aangekom. En terwyl Hy op die tempelsterrein^w rondstap, kom die leierpriesters, die skrifkenners en die familiehoofde^{*} na Hom²⁸ en vra: “Op watter gesag doen jy hierdie dinge? Of wie het aan jou dié gesag gegee dat jy hierdie dinge kan doen?”²⁹ Jesus het hulle geantwoord: “Ek sal julle een vraag vra.

^t**11:21 Rabbi:** 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees wat ‘my •Meester’ beteken.

^{*}**11:23** Matt 17:20; Luk 17:6; 1 Kor 13:2

^{*}**11:25 as julle ... iemand het:** Matt 5:23; Op 2:4,14,20

^u**11:25 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterreheem en die derde hemel waar God woon.

^{*}**11:25 vergeef hom ... kan vergeef:** Matt 6:14

^v**11:25 kan vergeef:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna²⁶ “Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader in die hemele ook nie julle oortredinge vergewe nie.” Dit word aanvaar dat dit hier nie deel van die •bronteks is nie; vgl egter Matt 6:15.

^w**11:27 tempelsterrein:** Vgl die voetnoot in 11:11.

^{*}**11:27 leierpriesters ... familiehoofde:** Matt 16:21; 27:41; Mark 8:31; 14:43,53; 15:1; Luk 9:22; 22:66

Antwoord My, en dan sal Ek julle sê op watter gesag Ek hierdie dinge doen. ³⁰ Die doop van Johannes, was dit van die hemel^{x*} of van mense? Antwoord My!” ³¹ *Hulle het onder mekaar geredeneer: “As ons sê, ‘van die hemel’, sal Hy sê, ‘Waarom het julle hom dan nie geglo nie?’ ³² Maar as ons sê, ‘van mense ...?’” Hulle was bang vir die skare, want almal het Johannes inderdaad as 'n profeet beskou.* ³³ Daarom het hulle Jesus geantwoord: “Ons weet nie.” Jesus sê toe vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle op watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.”

12

Gelykenis van die huurders

(*Matt 21:33-46; Luk 20:9-19*)

¹ Hy het toe met hulle in gelykenisse gepraat: “'n Man het 'n wingerd aangeplant. Hy het dit omhein, 'n parskuip gegrawe en 'n wagtoring^y gebou.* Toe het hy dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. ² Op die regte tyd het hy 'n slaaf na die landbouers gestuur sodat hy van hulle die opbrengs van die wingerd kon ontvang. ³ Maar hulle het hom gegryp, afgeransel en met leë hande teruggestuur. ⁴ Daarna het hy weer 'n ander slaaf na hulle gestuur, en hierdie een het hulle oor die kop geslaan en verneder. ⁵ Hy stuur toe nog een. En hierdie een het hulle doodgemaak. Hy het ook baie ander gestuur, van wie hulle sommige geslaan en ander doodgemaak het. ⁶ Hy het nog net een oorgehad — sy

^x11:30 *hemel*: 'n Verwysing na God.

^{*}11:30 *Die doop ... hemel*: Joh 1:33

^{*}11:31 Matt 21:32; Luk 7:30

^{*}11:32 *Hulle was ... beskou*: Matt 14:5; 21:46

^y12:1 *wagtoring*: 'n Hoë uitkykpunt vanwaar mense kan sien of vyande of diere aankom.

^{*}12:1 *'n Man ... gebou*: Jes 5:1-2

geliefde seun.^z Heel laaste het hy hom na hulle gestuur met die gedagte: Hulle sal my seun met respek behandel. ⁷ Daardie landbouers het egter onder mekaar gesê, ‘Dit is die erfgenaam dié. Kom ons maak hom dood en die erfdeel sal ons s'n wees.’ ⁸ *Hulle het hom toe gegryp en doodgemaak en hom uit die wingerd uitgegooi. ⁹ Wat sal die eienaar van die wingerd dan doen? Hy sal kom, die landbouers doodmaak en die wingerd vir ander gee. ¹⁰ Julle het tog hierdie Skrifgedeelte gelees,

“ ‘Die klip wat die bouers afgekeur het, juis dit het die hoeksteen geword.*

¹¹ Van die Here het dit gekom, en dit is wonderlik in ons oë.’ ”^a

¹² Hulle wou Hom gevange neem, maar hulle was bang vir die skare.* Hulle het immers besef dat Hy die gelykenis met die oog op hulle vertel het. Hulle het Hom met rus gelaat en weggegaan.

Vraag oor belasting

(Matt 22:15-22; Luk 20:20-26)

¹³ Hulle stuur toe sommige van die •Fariseërs en Herodiane^{b*} na Hom sodat hulle Hom op 'n woord kon vastrek. ¹⁴ Hulle kom toe en sê vir

^z**12:6 *geliefde seun:*** Verwys na Gen 22:2 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Matt 3:17; 17:5; Mark 1:11; 9:7; Luk 3:22; 2 Pet 1:17.

***12:8** Heb 13:12

***12:10** *Die klip ... geword:* Hand 4:11; 1 Pet 2:7

^a**12:10-11** *Die klip ... oë:* Aanhaling deur Jesus uit Ps 118:22-23 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is; Matt 21:42; Luk 20:17; vgl Hand 4:11; 1 Pet 2:4,7.

***12:12** *Hulle wou ... skare:* Matt 14:5; Luk 22:2

^b**12:13** *Herodiane:* Ondersteuners van die huis van •Herodes die Grote, 'n politieke party, nie 'n godsdienstige nie. Hulle het met die Fariseërs 'n bondgenootskap teen Jesus aangegaan.

***12:13** *Hulle stuur ... Herodiane:* Mark 3:6

Hom: “Meester,^c ons weet dat u opreg is en u aan niemand steur nie, want u neem nie die aansien van persone in aanmerking nie, maar onderrig die weg van God waarheidsgetrou. Is dit toelaatbaar om belasting aan die keiser te betaal, of nie? Behoort ons te betaal, of behoort ons nie te betaal nie?”

¹⁵ Maar Jesus was bewus van hulle skynheiligheid en sê vir hulle: “Waarom toets julle My? Bring vir My 'n denarius^d sodat Ek daarna kan kyk.” ¹⁶ Hulle bring toe een. Hy vra hulle: “Wie se afbeelding en inskripsie is dit dié?” Hulle antwoord Hom: “Die keiser s'n.” ¹⁷ Daarop sê Jesus vir hulle: “Gee dan aan die keiser wat hom toekom* en aan God wat Hom toekom.” Hulle was stomverbaas oor Hom.

Vraag oor die opstanding

(Matt 22:23-33; Luk 20:27-40)

¹⁸ Die •Sadduseërs kom toe na Hom, hulle wat sê dat daar nie 'n opstanding is nie,* en vra Hom: ¹⁹ “Meester,^e Moses het vir ons voorgeskryf dat ‘as iemand se broer sterf’ en 'n vrou agterlaat, ‘maar nie 'n kind nalaat nie, sy broer die vrou moet neem en 'n nageslag vir sy broer moet verwek’.* ²⁰ Daar was sewe broers. Die eerste het 'n vrou geneem en by sy dood nie 'n nageslag agtergelaat nie. ²¹ Die tweede het haar toe geneem en gesterf sonder om 'n nageslag agter te laat. Die derde net so. ²² Nie een van die sewe het 'n nageslag agtergelaat nie.

^c12:14 **Meester:** Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

^d12:15 **denarius:** 'n Romeinse muntstuk wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

*12:17 *Gee ... hom toekom:* Rom 13:7

*12:18 *Die Sadduseërs ... is nie:* Hand 23:8

^e12:19 **Meester:** Vgl die voetnoot in 12:14.

*12:19 *as iemand ... verwek:* Gen 38:8; Deut 25:5

Laaste van almal het ook die vrou gesterf. ²³ By die opstanding, wanneer hulle opstaan, wie van hulle se vrou sal sy wees? Al sewe het haar immers as vrou gehad.”

²⁴ Jesus sê vir hulle: “Is dit nie die rede waarom julle dwaal nie: omdat julle die Skrifte nie ken nie, en ook nie die krag van God nie? ²⁵ Want wanneer hulle uit die dood opstaan, tree hulle nie in die huwelik nie en word hulle ook nie in die huwelik uitgegee nie,^f maar hulle is soos engele in die hemele.^g ²⁶ En wat die opwekking van die dooies betref, julle het tog in die •boekrol van Moses, in die gedeelte oor die doringbos,^{*} gelees hoe God vir hom gesê het, ‘Ek is die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob.’^{*} ²⁷ Hy is nie die God van dooies nie, maar van lewendes. Julle dwaal erg!”

Vraag oor die belangrikste gebod

(*Matt 22:34-40; Luk 10:25-28*)

²⁸ Een van die skrifkenners wat hulle hoor redeneer het, het nader gekom. Toe hy sien dat Jesus hulle goed geantwoord het, vra hy Hom: “Watter gebod is die belangrikste van almal?” ²⁹ Jesus het geantwoord: “Die eerste is, ‘Luister, Israel, die Here is ons God, alleen die Here.^h ³⁰ Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele sielⁱ en

^f**12:25 tree hulle ... uitgegee nie:** Verteenwoordig die destydse Joodse siening: Mans trou en vroue word deur hulle vaders uitgegee om te trou.

^g**12:25 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel waar God woon.

^{*}**12:26 in die boekrol ... doringbos:** Eks 3:2

^{*}**12:26 Ek is ... Jakob:** Eks 3:6,15-16

^h**12:29 alleen die Here:** Kan ook vertaal word “is die enigste Here” of “die Here is een”; vgl Deut 6:4.

ⁱ**12:30 siel:** Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings. Saam met “hart”, “verstand” en “krag” dui dit ons totale menswees met al sy vermoëns aan.

met jou hele verstand en met al jou krag’.*³¹ Die tweede is dit, ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’* Geen ander gebod is belangriker as dié nie.”

³² Die skrifkenner het vir Hom gesê: “Uitstekend, Meester,^{j*} dit is waar wat u sê, dat ‘Hy Een is* en dat daar geen ander is as Hy nie’.*³³ ‘Om Hom lief te hê met jou hele hart, jou hele verstand en met al jou krag,* en om jou naaste lief te hê soos jouself’,* is belangriker as al die brandoffers en diereoffers.”*³⁴ Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: “Jy is nie ver van die •koninkryk van God nie.” Niemand het dit toe meer gewaag om Hom iets te vra nie.*

Vraag oor die Seun van Dawid

(Matt 22:41-46; Luk 20:41-44)

³⁵ Ná hierdie antwoord van Hom het Jesus op die tempel terrein^k onderrig gegee en gesê: “Hoe is dit dat die skrifkenners sê dat die Christus^l Dawid se seun is? ³⁶ Dawid self het deur die Heilige Gees gesê:

*12:29-30 *Luister ... krag:* Deut 6:4-5; Jos 22:5; Luk 10:27

*12:31 *Jy moet ... jouself:* Lev 19:18; Rom 13:9; Gal 5:14; Jak 2:8

^j12:32 **Meester:** Vgl voetnoot in 12:14.

*12:32 *Die skrifkenner ... Meester:* Luk 20:39

*12:32 *Hy Een is:* Deut 6:4

*12:32 *dat daar ... Hy nie:* Deut 4:35; Jes 45:21

*12:33 *Om Hom ... krag:* Deut 6:5; Jos 22:5; Luk 10:27

*12:33 *jou naaste ... jouself:* Lev 19:18; Rom 13:9; Gal 5:14; Jak 2:8

*12:33 *belangriker ... diereoffers:* 1 Sam 15:22; Hos 6:6

*12:34 *Niemand ... vra nie:* Matt 22:46; Luk 20:40

^k12:35 **tempel terrein:** Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhove.

^l12:35 **Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

“ Die Here het vir my Here gesê:
Sit aan my regterhand^m
totdat Ek u vyande onder u voete^{n*} geplaas het.’^{o*}

³⁷ “Dawid self noem Hom ‘Here’. Hoe kan Hy dan sý seun wees?” Die groot skare het graag na Hom geluister.*

Waarskuwing teen die skrifkenners

(Matt 23:1-36; Luk 20:45-47)

³⁸ In sy lering het Jesus gesê: “Pasop vir die skrifkenners! Hulle hou daarvan om met lang stolas^p rond te loop, op die markpleine begroet te word, ³⁹ en die voorste sitplekke in die •sinagoges en ereplekke by die feesmaaltye in te neem. ⁴⁰ Hulle verslind die huise van die weduwees, en vir die skyn bid hulle lang gebede. Hulle sal 'n swaarder oordeel ontvang.”

Offergawe van die arm weduwee

(Luk 21:1-4)

⁴¹ Jesus het oorkant die offergawekis gesit* en kyk hoe die skare

^m12:36 **regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

ⁿ12:36 **vyande ... voete:** Dui op die onderwerping van die vyand.

^o12:36 **Die Here ... geplaas het:** Aanhaling deur Jesus uit Ps 110:1 as heenwysing na Homself; Matt 22:44; Luk 20:42-43; vgl Hand 2:34-35; 1 Kor 15:25; Heb 1:13.

*12:36 **vyande ... geplaas het:** Ps 110:1

*12:37 **Die groot ... geluister:** Luk 19:48; 21:38

^p12:38 **lang stolas:** Stola (enkelvoud), 'n lang gewaad wat byvoorbeeld deur skrifkenners, priesters en geleerdes gedra word tydens besondere geleenthede. Dit strek tot op die voete en is 'n simbool van hoë status en waardigheid; •Kleredrag.

*12:41 **Jesus ... gesit:** Joh 8:20

kopermunte in die offergawekis gooi.* Baie rykes het baie ingegooi.⁴² 'n Arm weduwee het gekom en twee lepton,^q wat saam 'n kwadrant^r werd is, ingegooi.⁴³ Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: “•Amen, Ek sê vir julle dat hierdie weduwee, wat brandarm is, meer ingegooi het as almal wat geld in die offergawekis gegooi het.⁴⁴ Want almal het uit hulle oorvloed ingegooi, maar sy het ten spyte van haar behoefte alles ingegooi wat sy gehad het, haar hele lewensonderhoud.*”

13

Profetiese rede: Afbreek van die tempel

(Matt 24:1-2; Luk 21:5-6)

¹ Toe Hy die tempel terrein^s verlaat, sê een van sy dissipels vir Hom: “Meester,^t kyk net watter indrukwekkende klippe en geboue!”² Jesus sê toe vir hom: “Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal beslis nie een klip op 'n ander gelaat word nie — alles sal afgebreek word.*”

Profetiese rede: Begin van die eindtyd

(Matt 24:3-14; Luk 21:7-19)

³ Terwyl Jesus op die Olyfberg, regoor die tempel terrein, gesit het, het •Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas Hom eenkant gevra:⁴ “Sê vir

*12:41 *kyk ... gooi*: 2 Kon 12:9

^q12:42 *lepton*: Die kleinste Romeinse muntstuk; •Geldeenhede.

^r12:42 *kwadrant*: Die dagloon van 'n arbeider het bestaan uit 64 kwadrant; •Geldeenhede.

*12:43-44 *hierdie weduwee ... lewensonderhoud*: 2 Kor 8:12

^s13:1 *tempel terrein*: Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

^t13:1 *Meester*: Die Griekse woord *didaskale* verwys na die Joodse rabbi, dit is 'n leermeester. “Meester” is die aanspreekvorm vir “Leermeester” in Afrikaans.

*13:2 *Hier ... afgebreek word*: Luk 19:44

ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur, en wat sal die teken wees dat al hierdie dinge volbring sal word?”

⁵ Jesus het hulle toe geantwoord: “Pasop dat niemand julle mislei nie.

⁶ *Baie sal in my Naam kom en sê, ‘Dit is ek!’, en hulle sal baie mense

mislei. ⁷ Wanneer julle van oorloë en gerugte van oorloë hoor, moet

julle nie verskrik raak nie. Dit moet gebeur, maar dit is nog nie die

einde nie. ⁸ Want nasie sal teen nasie in opstand kom, en koninkryk teen

koninkryk. * Daar sal aardbewings op een plek ná die ander voorkom en

daar sal hongersnood wees. Hierdie dinge is die begin van die smarte.

⁹ * “Maar wat julle betref, wees op julle hoede! Hulle sal julle aan

sanhedrins^u oorlewer, julle sal in •sinagoges geslaan word en voor

prokurators^v en konings teregstaan ter wille van My, sodat julle voor

hulle kan getuig. ¹⁰ En die evangelie moet eers aan al die nasies

verkondig word. ¹¹ * Wanneer hulle julle gevange neem en julle

oorlewer, moet julle julle nie vooraf bekommer oor wat julle moet sê

nie, maar wat ook al op daardie oomblik aan julle gegee word, dit moet

julle sê; want dit is nie julle wat praat nie, maar die Heilige Gees.

¹² Broer sal broer aan die dood oorlewer, en 'n pa sy kind. Kinders sal

teen hulle ouers in opstand kom* en hulle doodmaak. ¹³ * Julle sal deur

* **13:6** Joh 5:43

* **13:8** *Want ... teen koninkryk:* Jes 19:2; 2 Kron 15:6

* **13:9** Matt 10:17-18

^u**13:9** *sanhedrins:* Naas die •Sanhedrin in Jerusalem, wat die hoogste Joodse gesagsliggaam was, was daar ook elders kleiner “sanhedrins” wat plaaslike regsangeleenthede moes behartig.

^v**13:9** *prokurators:* Amptenare wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; •Romeinse ampsdraers.

* **13:11** Matt 10:19-20; Luk 12:11-12

* **13:12** *Kinders ... kom:* Miga 7:6

* **13:13** Matt 10:22

almal gehaat word ter wille van my Naam.* Maar wie enduit volhard, dié sal gered word.”

Profetiese rede: Die groot verdrukking

(Matt 24:15-22; Luk 21:20-24)

¹⁴ “Wanneer julle die gruwel van verwoesting^w sien staan waar dit nie hoort nie — laat dié wat dit lees, goed begryp — dan moet hulle wat in Judea is, na die berge vlug. ¹⁵ *Wie op die dakstoep^x is, moet nie ondertoe gaan of ingaan om iets uit sy huis te gaan haal nie; ¹⁶ en wie op sy landerye is, moet nie terugdraai om sy bokleed te gaan haal nie. ¹⁷ *Ellende wag op hulle wat in daardie dae swanger is en borsvoed! ¹⁸ Bid dat dit nie in die winter gebeur nie. ¹⁹ In daardie dae sal daar 'n verdrukking wees soos daar nog nie was, sedert die begin van die skepping wat God geskep het, tot nou toe nie,* en beslis ook nie sal wees nie. ²⁰ As die Here daardie dae nie ingekort het nie, sou geen mens gered word nie, maar ter wille van die uitverkorenes, wat Hy uitverkies het, het Hy die dae ingekort.”

Profetiese rede: Koms van die Seun van die Mens

(Matt 24:23-31; Luk 17:23-24,37b; 21:25-28)

²¹ “As iemand dan vir julle sê, ‘Kyk, hier is die Christus!’^y of ‘Kyk

***13:13** *Julle ... Naam:* Joh 15:18-21

^w**13:14** *gruwel van verwoesting:* Verwys na die beeld van Zeus wat in 167 vC in die tempel op die brandofferaltair opgerig is; vgl Dan 9:27; 11:31; 12:11; 1 Mak 1:54; 2 Mak 1:27; Sir 41:5.

***13:15-16** Luk 17:31

^x**13:15** *dakstoep:* Die ruimte bo-op die plat dak van 'n huis, gewoonlik van klei en plantmateriaal, wat met 'n leer of kliptrap bereik kon word.

***13:17** Luk 23:29

***13:19** *In daardie ... toe nie:* Dan 12:1; Op 7:14

^y**13:21** *Christus:* Die Griekse vorm vir die Hebreuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

daar!', moet julle dit nie glo nie. ²² *Want vals christusse en vals profete sal na vore tree, en hulle sal tekens en wonders doen om, indien moontlik, die uitverkorenes te laat afdwaal. ²³ Maar wees julle op julle hoede. Ek het alles vir julle vooruit gesê.

²⁴ "Maar in daardie dae, ná daardie verdrukking,

“ sal die son verduister word,

en die maan sal sy lig nie gee nie;

²⁵ en die sterre sal uit die hemel val,

en die kragte in die hemele^z sal geskud word.”*

²⁶ "Dan sal hulle die •Seun van die Mens met groot krag en heerlikheid op die wolke sien kom.^a ²⁷ Hy sal dan die engele uitstuur en sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die verste hoek van die aarde tot die verste hoek van die hemel.”*

Profetiese rede: Les van die vyeboom

(Matt 24:32-35; Luk 21:29-33)

²⁸ *"Leer hierdie les van die vyeboom: Sodra sy takke begin sag word en blare uitstoot, weet julle dat die somer naby is. ²⁹ So moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat dit naby is, voor die

***13:22** Deut 13:1-3; Op 13:13

^z**13:25 hemele:** Volgens die destydse wêreldbeeld was daar verskillende hemele, waaronder die wolkehemel, die sterrehemel en die derde hemel, waar God woon.

***13:24-25 sal die ... geskud word:** Jes 13:10; 34:4; Eseg 32:7-8; Joël 2:10,31; 3:15; Op 6:12-14; 8:12

^a**13:26 die Seun ... sien kom:** Verwys na Dan 7:13-14 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Mark 8:38; Op 1:7.

***13:27 sy uitverkorenes ... hemel:** Deut 30:4; Sag 2:6,10

***13:28** Matt 21:19; Mark 11:13

deur. ³⁰ •Amen, Ek sê vir julle: Hierdie geslag sal beslis nie tot 'n einde kom voordat al hierdie dinge gebeur het nie. ³¹ *Die hemel en die aarde sal tot 'n einde kom, maar my woorde sal beslis nie tot 'n einde kom nie.”

Profetiese rede: Waaksaamheid

(Matt 24:36-44)

³² * “Van daardie dag en uur dra niemand kennis nie, selfs nie die engele in die hemel nie, en ook nie die •Seun nie — net die Vader.

³³ * Pasop en wees waaksaam, want julle weet nie wanneer die vasgestelde tyd daar is nie.

³⁴ * “Dit is soos 'n man wat op reis is en sy huis agterlaat en die beheer oordra aan sy slawe, elkeen met sy eie taak, en die deurwag beveel om waaksaam te bly. ³⁵ * Bly daarom waaksaam, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie — teen die aand, om middernag, teen hanekraai of vroegoggend^b nie. ³⁶ Moenie dat hy, wanneer hy onverwags kom, julle aan die slaap kry nie. ³⁷ Wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal, bly waaksaam!”

* **13:31** Matt 5:18; Luk 16:17

* **13:32** Hand 1:7

* **13:33** Matt 25:13

* **13:34** Matt 25:14

* **13:35** Luk 12:36-38

^b**13:35** *vroegoggend*: Volgens Westerse tydsbepaling tussen 03:00 en 06:00.

14

Sameswering teen Jesus

(Matt 26:1-5; Luk 22:1-2; Joh 11:45-53)

¹ Die Pasga^c en die Fees van die Ongesuurde Brood^d sou twee dae later plaasvind. Die leierpriesters en skrifkenners het 'n manier gesoek om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak.* ² Hulle het gesê: “Nie tydens die fees nie, sodat daar nie oproer onder die volk ontstaan nie.”

Salwing in Betanië

(Matt 26:6-13; Joh 12:1-8)

³ *Terwyl Hy in Betanië in die huis van Simon die Melaatse^e vir ete aangeleun het,^f het 'n vrou met 'n albasterfles met baie duur, egte nardusolie^g gekom, die albasterfles gebreek en die olie oor sy kop

^c**14:1 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

^d**14:1 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israëliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

***14:1 Die leierpriesters ... maak:** Mark 11:18; Luk 19:47

***14:3** Luk 7:37-38

^e**14:3 Melaatse:** Die Griekse term sluit 'n verskeidenheid velsiektes in, waarvan sommige as ongeneeslik beskou is. •Melaatses is as kulties •onrein beskou.

^f**14:3 vir ete ... het:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

^g**14:3 nardusolie:** Geurige olie afkomstig van die nardusplant, wat in Noord-Indië gegroei het. Dit het meegebring dat hierdie olie uiters duur was, ongeveer die ekwivalent van 'n gemiddelde arbeider se loon vir 'n volle jaar; vgl Mark 14:5.

uitgegiet. ⁴ Sommige het verontwaardig onder mekaar gesê: “Waarom het hierdie verkwisting van die kosbare olie plaasgevind? ⁵ Hierdie olie kon vir meer as driehonderd denarius^h verkoop word, en dit kon aan die armes gegee word.” En hulle het teen haar uitgevaar. ⁶ Jesus het egter gesê: “Laat haar begaan! Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen. ⁷ Die armes het julle tog altyd by julle,* en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar vir My het julle nie altyd nie. ⁸ Wat sy kon doen, het sy gedoen. Sy het vooruit my liggaam gesalf met die oog op my begrafnis.* ⁹ •Amen, Ek sê vir julle: Oral in die hele wêreld waar die evangelie ook al verkondig word, sal daar, ter herinnering aan haar, vertel word van wat sy gedoen het.”

Judas se plan vir verraad

(Matt 26:14-16; Luk 22:3-6)

¹⁰ Judas Iskariot, een van die twaalf, het na die leierpriesters gegaan met die doel om Hom aan hulle oor te lewer. ¹¹ Hulle was bly toe hulle dit hoor, en het beloof om vir hom geld te gee. Daarop het hy na 'n manier gesoek om Hom op 'n gepaste geleentheid oor te lewer.

Pasga

(Matt 26:17-25; Luk 22:7-14,21-23; Joh 13:21-30)

¹² Op die eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brood,ⁱ wanneer hulle gewoonlik die Pasgalam geslag het,* het Jesus se dissipels vir Hom gesê: “Waar wil U hê moet ons gaan voorbereidings tref sodat U die

^h**14:5 300 denarius:** Ongeveer die ekwivalent van 'n arbeider se loon vir een jaar (minus Sabbatte); •Geldeenhede.

***14:7** *Die armes ... by julle:* Deut 15:11

***14:8** *Sy het ... begrafnis:* Joh 19:40

ⁱ**14:12 Fees ... Brood:** Vgl voetnoot in Mrk 14:1.

***14:12** *Op die ... geslag het:* Eks 12:6,14-20

Pasga^j kan eet?”¹³ Hy stuur toe twee van sy dissipels en sê vir hulle: “Gaan in die stad in, en 'n man wat 'n kruik water dra, sal julle tegemoetkom. Volg hom.¹⁴ En waar hy ook al mag ingaan, sê vir die eienaar van die huis, ‘Die Leermeester vra: Waar is my gastekamer waar Ek die Pasga saam met my dissipels moet eet?’¹⁵ Hy sal vir julle 'n groot bokamer wys wat reeds ingerig en gereedgemaak is. Tref daar vir ons voorbereidings.”¹⁶ Die dissipels het vertrek en die stad ingegaan. Hulle het dit net so aangetref soos Hy vir hulle gesê het, en hulle het die Pasga voorberei.

¹⁷ Teen die aand kom Jesus toe met die twaalf.¹⁸ Hulle het vir ete aangeleun^k en terwyl hulle eet, het Jesus gesê: “•Amen, Ek sê vir julle: Een van julle sal My verrai, een wat saam met My eet.”^{*19} Hulle het bedroef geword en Hom een vir een gevra: “Tog seker nie ek nie?”²⁰ Hy het vir hulle gesê: “Dit is een van die twaalf, die een wat saam met My sy hand in die kom insteek.²¹ Die •Seun van die Mens gaan wel heen, soos daar oor Hom geskryf staan, maar ellende wag op daardie man deur wie die Seun van die Mens verrai word. Dit sou vir hom beter gewees het as hy nie gebore was nie.”

Instelling van die Nagmaal

(Matt 26:26-30; Luk 22:15-20; 1 Kor 11:23-25)

²² Terwyl hulle eet, het Hy brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy dit en gee dit vir hulle^{*} en sê: “Neem, dit is my liggaam.”²³ Toe het Hy die beker geneem, gedank, dit vir hulle gegee, en hulle almal het daaruit gedrink.²⁴ Hy het vir hulle gesê: “Dit

^j**14:12 Pasga:** Vgl voetnoot in 14:1.

^k**14:18 het vir ete aangeleun:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

^{*}**14:18 Een van ... eet:** Ps 41:10

^{*}**14:22 het Hy brood ... vir hulle:** Matt 14:19; 15:36; Mark 6:41; 8:6; Luk 9:16

is my bloed,* die bloed van die •verbond* wat vir baie uitgegiet word.
²⁵•Amen, Ek sê vir julle: Ek sal beslis nie meer van die vrug van die druiwestok drink tot daardie dag wanneer Ek dit nuut in die •koninkryk van God sal drink nie.”²⁶ Nadat hulle die lofsang gesing het,* het hulle na die Olyfberg vertrek.

Waarskuwing aan Petrus

(Matt 26:31-35; Luk 22:31-34; Joh 13:36-38)

²⁷ Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal almal afvallig raak, want daar staan geskryf:

“ ‘Ek sal die herder neervervel,
en die skape sal uitmekaar gejaag word.’¹

²⁸ * “Maar nadat Ek opgewek is, sal Ek voor julle uit gaan na Galilea.”

²⁹ •Petrus sê daarop vir Hom: “Selfs al sal almal struikel, ek sal nie.”

³⁰ Jesus antwoord hom: “•Amen, Ek sê vir jou: Jy sal vandag,^m vannag nog, voor die haan twee maal kraai, My drie maal verloën.”³¹ Maar Petrus het uitdruklik gesê: “Selfs al moet ek saam met U sterf,* ek sal U beslis nie verloën nie.” Almal het dieselfde gesê.

* 14:23-24 *Toe het Hy ... my bloed:* 1 Kor 10:16

* 14:24 *my bloed ... verbond:* Eks 24:8; Sag 9:11; Heb 9:20

* 14:26 *Nadat ... gesing het:* Ps 113 — 118

¹14:27 *Ek ... word:* Aanhaling deur Jesus uit Sag 13:7 toegepas op die gebeure by sy optrede; Matt 26:56; vgl Mark 14:50; Joh 16:32.

* 14:28 Mark 16:7

^m14:30 *vandag:* Die Joodse dag begin met sonder.

* 14:31 *Selfs ... sterf:* Joh 11:16

Jesus in Getsemane

(Matt 26:36-46; Luk 22:39-46)

³² Toe kom hulle by 'n plek met die naam Getsemane, * en Jesus sê vir sy dissipels: “Bly hier sit totdat Ek klaar gebid het.” ³³ Hy neem toe vir •Petrus, Jakobus en Johannes* saam met Hom. Hy het erg ontsteld en beangs begin word, ³⁴ en sê toe vir hulle: “My sielⁿ is diep bedroef,* tot die dood toe.* Bly hier en waak.” ³⁵ Hy het 'n entjie verder gegaan, op die grond neergeval en gebid dat, as dit moontlik is, die uur by Hom moet verbygaan. ³⁶ Hy het gesmeek: “Abba,^o Vader, alle dinge is vir U moontlik. Neem hierdie beker van My af weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.*” ³⁷ Hy kom en vind hulle toe aan die slaap, en sê vir Petrus: “Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur lank te waak nie? ³⁸ Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.* Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.” ³⁹ Hy het weer gaan bid en dieselfde woorde gesê. ⁴⁰ Toe Hy terugkom, vind Hy hulle weer aan die slaap, want hulle oë het swaar geword. Hulle het nie geweet wat om Hom te antwoord nie. ⁴¹ Hy kom toe 'n derde keer en sê vir hulle: “Slaap en rus julle nog steeds? Genoeg! Die uur het gekom. Kyk, die •Seun van die Mens word in die hande van sondaars oorgelewer. ⁴² Staan op! Laat ons gaan! Kyk, die een wat My verraai, is naby!”

*14:32 Toe ... Getsemane: Joh 18:1

*14:33 Petrus ... Johannes: Matt 17:1; Mark 5:37; 9:2; 13:3; Luk 5:10; 6:14; 8:51; 9:28; Hand 1:13

ⁿ14:34 *siel*: Die mens se gemoed met sy emosies en stemmings.

*14:34 My siel ... bedroef: Ps 42:5,11; 43:5; Joh 12:27

*14:34 My siel ... dood toe: Jona 4:9

^o14:36 *Abba*: Die Aramese woord vir ‘Vader’, waarmee Jesus God in die gebed aangespreek het; Rom 8:15; Gal 4:5-6.

*14:36 maar nie ... U wil: Joh 5:30; 6:38

*14:38 bid ... kom nie: Matt 6:13; Luk 11:4

Jesus gevange geneem

(Matt 26:47-56; Luk 22:47-53; Joh 18:3-12)

⁴³ En dadelik, terwyl Jesus nog praat, daag Judas, een van die twaalf, daar op. En saam met hom was daar 'n menigte, met swaarde en knuppels, gestuur deur die leierpriesters, skrifkenners en familiehoofde.*
⁴⁴ Sy verraaier het vir hulle 'n teken gegee: “Die een wat ek soen, dit is hy. Gryp hom en vat hom weg onder bewaking.” ⁴⁵ Toe Judas daar aankom, het hy dadelik na Jesus gegaan en gesê, “Rabbi”^p, en Hom gesoen. ⁴⁶ Hulle het Hom gegryp en Hom gevange geneem. ⁴⁷ Een van dié wat naby gestaan het, het sy swaard getrek, die slaaf van die hoëpriester geslaan en sy oor^q afgekap. ⁴⁸ Jesus sê toe vir hulle: “Het julle soos teen 'n rower met swaarde en knuppels uitgetrek om My gevange te neem? ⁴⁹ Dag ná dag was Ek by julle op die tempel terrein^r besig om onderrig te gee,* en julle het My nie gevange geneem nie. Maar laat die Skrifte vervul word!” ⁵⁰ *Almal het Hom in die steek gelaat en weggevlug. ⁵¹ Ook 'n sekere jong man met net 'n linnedoek om sy naakte lyf het Hom gevolg. Hulle het hom ook gegryp, ⁵² maar hy het die linnedoek laat los en nakend weggevlug.

***14:43 leierpriesters ... familiehoofde:** Matt 16:21; 27:41; Mark 8:31; 11:27; 14:53; 15:1; Luk 9:22; 20:1

^p**14:45 Rabbi:** 'n Eerbiedige aanspreekvorm in Hebreeus en Aramees, wat ‘my •Meester’ beteken.

^q**14:47 oor:** Die Grieks gebruik hier 'n verkleinwoord (oortjie), wat daarop kan dui dat dit net 'n deel van die oor was.

^r**14:49 tempel terrein:** Verwys na die hele terrein van die •tempel in Jerusalem met al die geboue, stoorkamers en voorhowe.

***14:49 Dag ... te gee:** Luk 19:47; 21:37; Joh 18:20

***14:50 Sag** 13:7; Matt 26:31; Mark 14:27

Jesus voor die Sanhedrin

(Matt 26:57-68; Luk 22:54-55,63-71; Joh 18:13-14,19-24)

⁵³ Hulle het Jesus weggelei na die hoëpriester, en al die leierpriesters, familiehoofde en skrifkenners* het daar saamgekom. ⁵⁴ •Petrus het Hom op 'n afstand gevolg tot in die voorhof van die hoëpriester. Hy het saam met die dienspersoneel gesit en hom by die vuur warm gemaak.

⁵⁵ Die leierpriesters en die hele Sanhedrin^s het getuienis teen Jesus gesoek om Hom dood te maak. Hulle kon egter niks vind nie. ⁵⁶ Baie het vals teen Hom getuig, en die getuienisse het nie met mekaar ooreengestem nie. ⁵⁷ Sommige het toe opgestaan en valse getuienis teen Hom afgelê deur te sê: ⁵⁸ “Ons het Hom hoor sê, ‘Ek sal hierdie •tempel, wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander bou, wat nie met hande gemaak is nie.’” ⁵⁹ Maar ook hieroor was hulle getuienis nie eenders nie. ⁶⁰ Die hoëpriester staan toe in hulle midde op en vra vir Jesus: “Antwoord jy dan niks op wat hierdie mense teen jou getuig nie?” ⁶¹ Maar Hy het stilgebly en niks geantwoord nie. Die hoëpriester vra Hom toe weer: “Is jy die Christus,^t die Seun van die Lofwaardige?” ⁶² Jesus antwoord: “Ek is!

“Julle sal die •Seun van die Mens

***14:53** leierpriesters ... skrifkenners: Matt 16:21; 27:41; Mark 8:31; 11:27; 14:43; 15:1; Luk 9:22; 20:1

^s**14:55 Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

***14:58** Ek sal ... is nie: Mark 15:29; Joh 2:19

^t**14:61 Christus:** Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

sien sit aan die regterhand^u van die Magtige,^{*}
en sien kom met die wolke van die hemel.”^v

⁶³ Die hoëpriester skeur toe sy klere^{*} en sê: “Waarom het ons nog getuies nodig? ⁶⁴ * Julle het die godslastering gehoor. Wat is julle bevinding?” Hulle almal het geoordeel dat Hy die dood verdien.

⁶⁵ Sommige het begin om op Hom te spoeg, Hom geblinddoek en Hom met die vuis geslaan, en vir Hom gesê: “Profeteer!” Ook die dienaars het Hom klappe gegee.

Verloëning deur Petrus

(Matt 26:69-75; Luk 22:54-62; Joh 18:15-18,25-27)

⁶⁶ Terwyl •Petrus onder in die binnehof was, kom een van die diensmeisies van die hoëpriester, ⁶⁷ en toe sy vir Petrus sien, besig om homself warm te maak, kyk sy na hom en sê: “Ook jy was saam met Jesus, die Nasarener.” ⁶⁸ Hy het dit ontken deur te sê: “Ek weet nie waarvan jy praat nie en verstaan ook nie wat jy sê nie.” Hy het buitentoe gegaan na die voorhof toe, en 'n haan het gekraai.^w ⁶⁹ Toe die diensmeisie hom sien, het sy vir die mense wat daar naby gestaan het, weer begin sê: “Hierdie man is een van hulle.” ⁷⁰ En weer het hy dit ontken. Ná 'n kort rukkie het die mense wat daar naby gestaan het,

^u14:62 **regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.

*14:62 **sien sit ... Magtige:** Ps 110:1; Matt 22:44; Luk 20:42; Hand 2:34; Ef 1:20; Kol 3:1; Heb 1:3,13; 10:12; 12:2

^v14:62 **sien kom ... hemel:** Aanhaling deur Jesus uit Dan 7:13 as heenwysing na Homself; Matt 24:30; Mark 13:26; Luk 21:27; Op 1:7; vgl Op 14:14.

*14:63 **Die hoëpriester ... klere:** Num 14:6; Hand 14:14

*14:64 Lev 24:16; Joh 19:7

^w14:68 **'n haan het gekraai:** Sommige mss bevat nie hierdie woorde nie.

weer vir Petrus gesê: “Sowaar, jy is een van hulle, want jy is ook 'n Galileër.” ⁷¹ Hy begin toe vloek, en sweer: “Ek ken nie hierdie man van wie julle praat nie.” ⁷² En onmiddellik het 'n haan 'n tweede keer gekraai. Toe het Petrus die woorde onthou wat Jesus vir hom gesê het: “Voordat 'n haan twee maal kraai, sal jy My drie keer verloën.”* En hy het bitterlik gehuil.

15

Jesus voor Pilatus

(*Matt 27:1-2,11-14; Luk 23:1-5; Joh 18:28-38*)

¹ En dadelik, vroeg die oggend, het die leierpriesters met die familiehoofde, skrifkenners* en die hele Sanhedrin^x 'n plan beraam.* Hulle het Jesus geboei, weggeneem en aan •Pilatus uitgelewer. ² Pilatus vra Hom toe: “Is u die koning van die Jode?” Hy antwoord hom: “U sê dit.” ³ Die leierpriesters het Hom van baie dinge beskuldig. ⁴ Pilatus vra Hom toe weer: “Antwoord u niks nie? Kyk hoeveel beskuldigings bring hulle teen u in!” ⁵ Maar Jesus het steeds niks geantwoord nie,^y sodat Pilatus verwonderd was.

Jesus ter dood veroordeel

(*Matt 27:15-26; Luk 23:13-15; Joh 18:39 — 19:16*)

⁶ Tydens elke fees het hy vir hulle, op hulle versoek, een gevangene

***14:72** *Voordat ... verloën:* Matt 26:34; Mark 14:30; Luk 22:34; Joh 13:38

***15:1** *leierpriesters ... skrifkenners:* Matt 16:21; 27:41; Mark 8:31; 11:27; 14:43,53; Luk 9:22; 20:1

^x**15:1** *Sanhedrin:* Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode. Dit het bestaan uit 71 lede, afkomstig uit die •Sadduseërs, die vernaamste Joodse families en die skrifkenners. Die dienende hoëpriester was die voorsitter.

***15:1** *vroeg ... beraam:* Luk 22:66

^y**15:4-5** *Pilatus vra ... geantwoord nie:* Verwys na Jes 53:7 as heenwysing na Jesus Christus; vgl Mark 14:60-61; Luk 23:9.

vrygelaat.⁷ Daar was 'n man met die naam Barabbas, wat gevange geneem is saam met die rebelle wat moord gepleeg het tydens 'n opstand.⁸ Die skare het na •Pilatus gegaan en gereedgemaak om te vra dat hy soos gewoonlik sal optree.⁹ Pilatus vra hulle toe: “Wil julle hê dat ek vir julle die koning van die Jode vrylaat?”¹⁰ Hy het immers geweet dat die leierpriesters Hom uit afguns oorgelewer het.¹¹ *Die leierpriesters het die skare egter opgestook dat hy eerder Barabbas vir hulle moet vrylaat.¹² *Pilatus het hierop gereageer en weer vir hulle gevra: “Wat wil julle dan hê moet ek doen met hom wat julle die koning van die Jode noem?”¹³ Hulle het opnuut geskreeu: “Kruisig hom!”¹⁴ Pilatus vra toe vir hulle: “Watter kwaad het hy dan gedoen?” Maar hulle het nog harder geskreeu: “Kruisig hom!”¹⁵ Pilatus wou die skare tevrede stel en het Barabbas vir hulle vrygelaat. Maar Jesus het hy laat gesel en oorgelewer om gekruisig te word.

Bespotting van Jesus

(Matt 27:27-31; Joh 19:2-3)

¹⁶ Die soldate het Hom weggelei, die paleis, naamlik die pretorium,^z binne, en die hele kohort soldate^a byeengeroep.¹⁷ *Toe trek hulle vir Hom 'n purperrooi mantel aan, en sit vir Hom 'n doringkroon op wat hulle gevleg het,¹⁸ en begin Hom spottend groet: “Gegroet, koning van die Jode!”¹⁹ Hulle het Hom herhaaldelik met 'n riet oor die kop geslaan,

*15:11 Hand 3:14

*15:12-14 Hand 3:13; 13:28

^z15:16 *pretorium*: Die •bronteks lui *praitorion*. Hier verwys dit na die vesting Antonia, waar die soldate gestasioneer was en die •prokurator gedurende feestye tuisgegaan het.

^a15:16 *kohort soldate*: 'n Afdeling Romeinse soldate wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

*15:17-19 Luk 23:11

op Hom gespoeg, en knielend aan Hom eer bewys.²⁰ En nadat hulle Hom bespot het, het hulle die purperrooi mantel afgehaal en sy boklere vir Hom aangetrek. Hulle lei Hom toe weg om Hom te kruisig.

Kruisiging van Jesus

(Matt 27:32-44; Luk 23:26-43; Joh 19:17-27)

²¹ Hulle het 'n verbyganger, 'n sekere Simon van Sirene, wat van die platteland gekom het, die pa van Aleksander en Rufus, gedwing om sy kruis te dra.²² Hulle bring Jesus toe na die plek Golgota, wat, as dit vertaal word, 'Kopbeenplek'^b beteken.²³ Hulle wou Hom wyn, gemeng met mirre,^c gee,^d maar Hy het dit nie geneem nie.²⁴ Toe kruisig hulle Hom

en verdeel sy klere

deur te loot oor wie wat sou neem.^e

²⁵ Dit was die derde uur^f toe hulle Hom gekruisig het.²⁶ Die inskripsie van die aanklag teen Hom is bo Hom aangebring: "Die koning van die Jode."²⁷ Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een aan sy regterhand en een aan sy linkerhand.^g²⁹ Die verbygangers het Hom

^b15:22 **Kopbeenplek:** 'n Heuwel buite Jerusalem waar teregstellings plaasgevind het.

^c15:23 **mirre:** Welriekende soort gomhars met bitter smaak wat verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik.

^d15:23 **Hulle wou ... gee:** Verwys na Ps 69:22 as heenwysing na Jesus Christus.

^e15:24 **verdeel ... neem:** Verwys na Ps 22:19 as heenwysing na Jesus Christus.

^f15:25 **derde uur:** Volgens Westerse tydsbepaling 09:00; •Tydsindeling.

^g15:27 **linkerhand:** Ander mss en vroeë vertalings lui ook nog hierna²⁸ "En die Skrifte is vervul wat lui, 'Hy is saam met die misdadigers gereken.'" Dit ontbreek egter in die •bronteks.

gelaster terwyl hulle hulle koppe skud^h en sê: “Ha! Jy wat die •tempel afbreek en in drie dae opbou, ³⁰ red jouself! Kom af van die kruis!” ³¹ Op dieselfde manier het ook die leierpriesters saam met die skrifkenners spottend vir mekaar gesê: “Ander het hy gered, homself kan hy nie red nie! ³² Laat die Christus,ⁱ die Koning van Israel, nou van die kruis afkom, sodat ons kan sien en glo!” Ook hulle wat saam met Hom gekruisig is, het Hom beledig.

Jesus sterf

(Matt 27:45-56; Luk 23:44-49; Joh 19:28-30)

³³ Toe die sesde uur aanbreek, het dit oor die hele aarde^j donker geword tot die negende uur^k toe. ³⁴ Op die negende uur het Jesus met 'n harde stem uitgeroep: “*Eloï, Eloï, lemá sabagtáni?*”^l wat, as dit vertaal word, beteken, ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’^m ³⁵ Toe sommige van die omstanders dit hoor, sê hulle: “Kyk, hy roep Elia.” ³⁶ Iemand het gehardloop, 'n spons met suur wyn deurweek, dit op 'n riet gesit en vir Hom gehou om te drink, met die woorde: “Wag, laat ons sien of Elia kom om hom af te haal.” ³⁷ Jesus het met 'n harde stem uitgeroep en sy asem uitgeblaas. ³⁸ Die tempelgordyn in die heiligdom^{*}

^h15:29 *terwyl ... skud*: Dit is 'n simboliese handeling wat leedvermaak aandui. Verwys na Ps 22:8; 109:25; Klaagl 2:15 as heenwysings na Jesus Christus.

ⁱ15:32 *Christus*: Die Griekse vorm vir die Hebreeuse ‘Messias’ en albei woorde beteken ‘Gesalfde’.

^j15:33 *hele aarde*: Kan ook vertaal word “hele land”.

^k15:33 *sesde uur ... tot ... negende uur*: Volgens Westerse tydsbepaling vanaf 12:00 tot 15:00; •Tydsindeling.

^l15:34 *Eloï ... sabagtáni*: Aramese aanhaling deur Jesus uit Ps 22:2 as 'n uitspraak wat in Homself vervul is; vgl Matt 27:46.

^m15:34 *My God ... verlaat*: Griekse vertaling in die •bronteks van die Aramees.

^{*}15:38 *tempelgordyn ... heiligdom*: Eks 26:31-33; 36:35

is in twee geskeur, van bo tot onder. ³⁹ Toe die centurio,ⁿ wat reg oorkant Hom gestaan het, Hom sy asem so sien uitblaas, sê hy: “Hierdie man was werklik •Seun van God!” ⁴⁰ Daar was ook vroue wat op 'n afstand gekyk het, onder wie Maria Magdalena,^o Maria, die ma van die jong Jakobus en Joses, en Salome. ⁴¹ Dit is die vroue wat Hom, toe Hy in Galilea was, gevolg en bedien het. Baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem gegaan het, was ook daar.

Jesus in die graf

(*Matt 27:57-61; Luk 23:50-56; Joh 19:38-42*)

⁴² Toe dit reeds laat geword het, en aangesien dit die Voorbereidingsdag^p was, die dag voor die Sabbat, ⁴³ het Josef van Arimatea, 'n vooraanstaande lid van die Raad, wat ook uitgesien het na die •koninkryk van God, na •Pilatus gegaan. Hy het moed bymekaargeskraap en die liggaam van Jesus gevra. ⁴⁴ Pilatus was verbaas dat Hy al dood was, en het die centurio^q laat roep en hom gevra of Hy reeds 'n geruime tyd dood was. ⁴⁵ Toe hy dit by die centurio verneem het, het hy die lyk vir Josef gegee. ⁴⁶ Josef het toe 'n linnedoek gekoop, en Hom, nadat hy Hom van die kruis afgehaal het, in die linnedoek toegedraai, neergelê in 'n graf wat in 'n rots uitgekop was, en 'n klip teen die ingang van die graf gerol. ⁴⁷ Maria Magdalena^r en Maria,

ⁿ15:39 **centurio**: 'n Romeinse offisier wat bevel voer oor 100; •Romeinse ampsdraers.

^o15:40 **Maria Magdalena**: Die bronteks noem haar deurgaans “Maria, die Magdaleense vrou,” dws ‘Maria, die vrou afkomstig uit Magdala’. Magdala is 'n dorpie aan die wesewer van die •See van Galilea.

^p15:42 **Voorbereidingsdag**: 'n Dag van voorbereiding voor 'n feesdag (in hierdie geval die Sabbat). Hierdie •Voorbereidingsdag het dus op 'n Vrydag geval.

^q15:44 **centurio**: Vgl voetnoot in 15:39.

^r15:47 **Maria Magdalena**: Vgl voetnoot in 15:40.

die ma van Joses, het gesien waar Hy neergelê is.

16

Opwekking van Jesus

(Matt 28:1-8; Luk 24:1-12; Joh 20:1-10)

¹ Toe die Sabbat verby was, het Maria Magdalena,^s Maria, die ma van Jakobus, en Salome geurige speserye gekoop sodat hulle Hom kon gaan salf. ² Baie vroeg op die eerste dag van die week,^t kom hulle by die graf net nadat die son opgekom het. ³ Hulle sê toe vir mekaar: “Wie sal vir ons die klip van die ingang van die graf af wegrol?” ⁴ Maar toe hulle opkyk, sien hulle dat die klip reeds weggerol was — dit was 'n baie groot klip. ⁵ Toe hulle in die graf ingaan, het hulle 'n jong man met 'n lang wit stola^u om aan die regterkant sien sit, en hulle was ontsteld. ⁶ Maar hy sê vir hulle: “Moenie ontsteld wees nie. Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is opgewek! Hy is nie hier nie. Kyk, hier is die plek waar hulle Hom neergelê het. ⁷ Maar gaan sê vir sy dissipels en vir •Petrus, ‘Hy gaan voor julle uit na Galilea. Daar sal julle Hom sien, soos Hy vir julle gesê het.’ ” ⁸ Hulle het uitgegaan en van die graf af weggehardloop, want bewing en verbystering het hulle beetgepak. En hulle het vir niemand iets gesê nie, want hulle was bang.^{vw}

^s**16:1 Maria Magdalena:** Die •bronteks noem haar deurgaans “Maria, die Magdaleense vrou,” dws ‘Maria, die vrou afkomstig uit Magdala’. Magdala is 'n dorpie aan die wesoewer van die •See van Galilea.

^t**16:2 eerste ... week:** Letterlik ‘op die eerste van die Sabbatte’, dws Sondag; vgl Joh 20:19; Hand 20:7 •Tydsindeling.

^u**16:5 lang ... stola:** 'n Lang gewaad wat tot op die voete strek; vgl Op 6:11; 7:9; 9:6; •Kleredrag.

^v**16:8 bang:** In sommige mss is benewens, of in die plek van, vs 9-20, die volgende bygevoeg: “En hulle het alles wat aan hulle vertel is, kortliks aan dié saam met Petrus berig. Hierna het Jesus self deur hulle die heilige en onverganklike

Jesus se verskyning aan Maria Magdalena

(Matt 28:9-10,16-20; Luk 24:13-53; Joh 20:11-29; Hand 1:6-11)

⁹ Nadat Jesus vroeg die oggend op die eerste dag van die week^x opgestaan het, het Hy eerste verskyn aan Maria Magdalena,^y uit wie Hy voorheen sewe demone uitgedryf het. ¹⁰ Sy het dit gaan vertel vir die mense wat by Hom was, terwyl hulle treur en huil. ¹¹ Toe hulle hoor dat Hy leef en sy Hom gesien het, het hulle dit nie geglo nie.

Jesus se verskyning aan die dissipels

(Luk 24:13-35)

¹² Hierna het Hy in 'n ander gestalte aan twee van hulle verskyn terwyl hulle op pad was na die platteland. ¹³ Hulle het dit vir die res gaan vertel, maar dié het hulle ook nie geglo nie.

¹⁴ Later het Hy aan die elf verskyn terwyl hulle vir ete aangeleun het.^z Hy het hulle verwyt oor hulle ongeloof en hardheid van hart, omdat hulle die mense wat gesien het dat Hy opgewek is, nie geglo het nie.

¹⁵ Hy sê toe vir hulle: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. ¹⁶ Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal verlos word, maar wie nie tot geloof gekom het nie, sal veroordeel word. ¹⁷ Hierdie tekens sal hulle wat tot geloof gekom het, vergesel: In my Naam sal hulle demone uitdryf, in nuwe tale praat, ¹⁸ en

verkondiging van die ewige verlossing uitgestuur. •Amen.” Dit ontbreek egter in die bronteks.

^w**16:8 bang:** Ander mss en vroeë vertalings bevat ook ná vs 8 nog vs 9-20. Hoewel aanvaar word dat dit 'n later invoeging is, is dit in die gedrukte bronteks op grond van die tradisie tussen vierkantige hakies opgeneem.

^x**16:9 eerste ... week:** Letterlik ‘op die eerste van die Sabbat’; vgl 16:2.

^y**16:9 Maria Magdalena:** Vgl die voetnoot in 16:1.

^z**16:14 vir ete ... het:** Mense het destyds met feesmaaltye op hulle sy aangeleun om te eet.

slange met hulle hande optel; as hulle enigiets dodeliks sou drink, sal dit hulle nie kwaad aandoen nie, en op siekes sal hulle die hande lê en hulle sal gesond word.”

Jesus se hemelvaart

¹⁹Nadat die Here Jesus met hulle gepraat het, is Hy in die hemel opgeneem en het aan die regterhand^a van God gaan sit. ²⁰Hulle het toe uitgegaan en oral gepreek. Die Here het met hulle meegewerk en die prediking bevestig met wondertekens wat daarop gevolg het. •Amen.

^a**16:19 regterhand:** 'n Posisie aan die •regterhand van 'n persoon is gesien as 'n posisie van voorrang.